

**MARIÉ-CATHERINE LE FÈBRE  
EN VAN HAAR TYDGENOTE AAN DIE KAAP, 1686-1782**

**Schalk W. le Roux**

*Departement Argitektuur, Universiteit van Pretoria  
Posbus 1357, Gordonsbaai 7151*

**Marié-Catherine le Fèbre (1686-1782) and some of her contemporaries at the Cape, 1686-1782**


Marié-Catherine le Fèbre was one of the first natives of French descent at the Cape and in 1686 hers the first baptism at Stellenbosch – it then being the earliest deliberate extension of the Dutch footprint at the Cape. When she died at the mouth of the Gouritz River 96 years later, the extent of territory claimed by the VOC stretched as far as the Langkloof. She was an “ordinary” housewife, thrice widowed and bore at least eleven children. Her life possibly portrays the lives of other contemporary women, who, together with their husbands and sons, were either compelled through economic circumstances to abandon the tillage farms of the Boland in exchange for cattle and loan farming in the distant district of Swellendam, or did so voluntarily

**Key words:** Drakenstein, Frans Haarhoff, Gabriel le Roux, Gouritz River, Huguenots, Le Fébre, loan farms, Jean Roi, Stellenbosch, stock farming, Swellendam

Marié-Catherine le Fèbre was een van die eerste boorlinge van Franse afkoms aan die Kaap en in 1686 die eerste dopeling op Stellenbosch – die vroegste doelbewuste uitbreiding van die Nederlandse voetspoor aan die Kaap. Toe sy 96 jaar later nabij die mond van die Gouritsrivier oorlede is, het die grense van die gebied wat vir die VOC opgeëis is, tot by die Langkloof gestrek. Sy was 'n "gewone" huisvrou, drie keer 'n weduwee en het minstens elf kinders in die lewe gebring. Haar lewe bied moontlik 'n beeld van dié van ander vroue uit hierdie tydperk wat saam met hulle mans of seuns die gevestigde lewe op die akkerbouplase van die Boland vir veeboerdery op leningsplase in die afgeleë distrik Swellendam verruil het of deur finansiële omstandighede daartoe gedwing was.

**Sleutelwoorde:** Drakenstein, Frans Haarhoff, Gabriel le Roux, Gouritsrivier, Hugenote, Le Fébre, leningsplase, Jean Roi, Stellenbosch, Swellendam, veeboerdery

Marié-Catherine le Fèbre was op 13 Oktober 1686 die eerste dopeling in die jong nedersetting van Stellenbosch. Haar ouers was Pierre le Fèbre en Marié de Gravé. Sy en Cornelia Villion, die dogter van Francois Villion en Cornelia Campenaar van Middelburg, is dié dag deur ds. Johannes Overney (†1687) in die teenwoordigheid van goewerneur Simon van der Stel (1639-1712) gedoop.<sup>1</sup> Die diens is waarskynlik in die huis van Steven Jansz Botma<sup>2</sup> op die plaas Welgevallen gehou, naby die Le Fèbres se eie plaas en was die eerste wat deur 'n predikant in die nuwe nedersetting gehou is. Haar tante, Barbre le Fèbre, het as doopgetuie opgetree (**Figuur 1**).



**Figuur 1: Aanhaling uit die Dagregister van die Kasteel.<sup>4</sup>**

<sup>1</sup> GISA. NG Kerkregisters, Kaapstad 1665-1795, Film 5-20, p. 31. Die Dagregister, Theal en Engelbrecht skryf dat daar drie dopelinge was, maar 'n derde naam kon nie in die Kerkregister, waar spesifiek vermeld word dat die doop op Stellenbosch plaasgevind het, opgespoor word nie. A.M. Hugo & J. van der Bijl, *Die Kerk van Stellenbosch 1686-1963* (Kaapstad, 1963), p. 198; G.M. Theal, *History of South Africa before 1795* (Cape Town, 1964 [1907]), vol. III, p. 318; S.P. Engelbrecht, *Die Kaapse predikante van die septyentienne en agtiende eeu* (Kaapstad, 1952), p. 25. Haar naam is as Marie Cathrina in die doopregister opgeskryf. Dit was 'n vroeë vernederlandsing van Marié-Catherine, 'n naam wat in haar familie voorgekom het en hierna deurgaans gebruik sal word. In later geskrifte kom sy ook as Maria Catharina in dokumente voor en verdwyn die aksent op haar van. G.C. de Wet (red.), *Resolusies van die Politieke Raad VI, 1720-1723* (Kaapstad, 1968), p. 342.

<sup>2</sup> H.N. Vos, *An historical and archaeological perspective of colonial Stellenbosch 1680-1860* (MA-thesis, Stellenbosch University, 1993), pp. 145-147.

Tydens hierdie besoek het Van der Stel 'n kermis in Stellenbosch ingestel wat jaarliks van die 1<sup>ste</sup> tot die 14<sup>de</sup> Oktober sou duur. Almal is toegelaat om hulle produkte daar te verkoop en die jaarmark het met militêre oefeninge en skyfskiet na die klei *papegaai* gepaard gegaan. Inwoners van die Kaapse Distrik en skeepsbemannings wat in die baai voor anker gelê het, het ook na die feesvierings opgetrek. Die dag na die eerste diens is die oprigting van 'n kerkgebou bespreek en gereël dat die Kaapse predikant Stellenbosch kwartaalliks sou besoek om die sakramente te bedien. Die sieketrooster sou voortgaan om preke en gebede op ander Sondae voor te lees.<sup>3</sup>

### Le Fèbres aan die Kaap

Pierre le Fèbre het die Kaap in 1683 bereik. Saam met hom was sy vrou en seun, asook sy suster Barbre (soms Barbara of Barbere). Le Fèbre is een van die vele variasies van die Latynse woord, *Faber*, wat "smit" of "een wat met yster werk" beskryf. Dit het in al die Romaanse tale inslag gevind, soos Ferraro in Italiaans, Ferrero in Spaans en Ferreira in Portugees. In die noordelike dele van Frankryk kom dit voor as Fevre, Febure (Febvre) of Fèbre, meestal met die voorvoeging Le [die] daarby, terwyl die vorme Fabre of Favre dikwels in suidelike Frankryk voorkom, vanwaar Faure in Suid-Afrika.<sup>5</sup>

Teen die einde van die 17<sup>de</sup> eeu het verskeie Le Fèbres, dikwels ook Févre gespel, hulle aan die Kaap gevestig. Van hulle was sogenaamde vroeë Hugenote wat voor die georganiseerde emigrasie van Franse vlugtelinge sedert 1688, as amptenare van die VOC na die verversingspos gekom het.

'n Variasie van die familienaam verskyn vir die eerste keer in die Kaapse rekords in 1660 toe 'n soldaat in diens van die Kompanjie, Pieter le Febure, Hendrick Hendricks Boom vir onbetaalde soldy voor die Politieke Raad gedaag het. Sy eis was suksesvol, maar hoe sy lewe hierna verloop het, is onbekend.<sup>6</sup>

Op 5 Junie 1688 het Marié le Fèvre (*c*1651-1701) van *De Schelde* saam met haar man, Charles Prévost en hulle kinders in die Kaap aan wal gegaan. Hy is die volgende

<sup>3</sup> Die gemeente is formeel op 20 Desember 1686 gestig. A. Böeseken (red.), *Resolusies van die Politieke Raad III, 1681-1707* (Kaapstad, 1961), pp. 150-151, 264; F.C. Fensham (red.), *Drie eue van genade* (Kaapstad, 1986), pp. 11-12. Ds. Overney het die ouderling en diaken met sy besoek in Januarie 1687 georden.

<sup>4</sup> A.M. Hugo, & J. van der Bijl, *Die Kerk van Stellenbosch 1686-1963* (1963), p. 198.

<sup>5</sup> J.A. Heese, C.S. Nienaber & C. Pama, *Families, familiename en familiewapens* (Kaapstad, 1975), p. 160. Steven Faber van Idstijn was die eerste siekevader of hoof-superintendent van die Kaapse hospitaal. Boucher dink dat sy naam moontlik Etienne Fabre kon gewees het. Hy is in 1716 verlof toegestaan om na Nederland terug te keer. M. Boucher, *French speakers at the Cape in the first hundred years of Dutch East India Company rule: The European background* (Pretoria, 1981), p. 298; G.C. de Wet (red.), *Resolusies van die Politieke Raad V, 1716-1719* (Kaapstad, 1964), p. 30 (25.02.1716).

<sup>6</sup> A. Böeseken (red.), *Uit die Raad van Justisie, 1652-1672* (Pretoria, 1986), p. 131 (09.10.1660).

maand oorlede en sy het kort daarna met Heinrich Eckhoff in die huwelik getree.<sup>7</sup> Sy was verder met Louis de Peronne (†1696) en Hercule des Pres junior (1672-1721) getroud. Sy het vyf seuns en vier dogters nagelaat toe sy 1701 oorlede is.<sup>8</sup>

Paul le Febvre (Febure \*c1640) het in 1694 as chirurgyn<sup>9</sup> in diens van die Kompanjie aan die Kaap gearriveer. Op 26 April 1696 het sy vrou en kinders aan boord die *Vosmaar* na die Kaap geseil. Op dié tog, wat ses maande geduur het, is Marie Taillefert (c1640-1696) en twee van haar dogters, Marie en Susanne le Febvre, oorlede. Ook Paul, die seun van Jaques Bisseaux het gesterf. Sý ma was ook 'n Marie Le Febvre (†1700) en was moontlik familie van Paul.<sup>10</sup> Paul le Febvre en sy vrou, Elizabeth Sézille, was waarskynlik ook op die *Vosmaar*.<sup>11</sup> Hy was die seun van sy naamgenoot en Marie Taillefert.<sup>12</sup> 'n Dogter, Marié-Madelaine, is in 1699 en 'n seun,

<sup>7</sup> In 1690 ontvang Marié le Fèvre (soms Le Febre) as die weduwee van Prevost (c1650-1688), "hertrouwwd met Hendrik Eckhoff (†1691) met vier kinderen van haar overleden man", 'n bedrag uit die Taiwannese Armfonds. Kaapse Argiefbewaarplek (hierna KAB), C. 502, Uitgaande Stukke, 1680-1690, 25 Maart, 12 Junie en 27 Julie 1690.

<sup>8</sup> KAB. MOOC. 8/1. Inventarissen 1692-1705, no. 64; MOOC. 7/3 Testamenten 1721-1725, no. 20. In 1701 word ses kinders in haar inventaris by name genoem. W. de Villiers, Marie le Fèvre, *Familia XVIII* (3), 1991, p. 182.

<sup>9</sup> E.H. Burrows, *A history of medicine in South Africa* (Cape Town, 1958), p. 40.

<sup>10</sup> Volgens Le Roux was sy die dogter van Paul en Marie Taillefert, maar dié verband kon nie bevestig word nie. J.G. le Roux, *Hugenotebloed in ons are* (Pretoria, 1988), p. 77.

<sup>11</sup> Coertzen skryf dat Paul senior en sy seun onderskeidelik in 1694 en 1696 gearriveer het, in beide gevalle op die *Vosmaer* (sic). P. Coertzen, *Die Hugenote van Suid-Afrika 1688-1988* (Kaapstad, 1988), p. 163. De Wet sê dat Febvre (la Febre) in 1697 geland het. G.C. de Wet, *Die Vryliede en Vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657-1707* (Kaapstad, 1981), pp. 98-99. Beide datums is onmoontlik, omdat die *Vosmaar* nie in 1694 of in 1697 die Kaap aangedoen het nie. Dit het op pad na Batavia van 20.02.1693 tot 29.03.1693 in Tafelbaai vertoef en hierna weer van 22.10.1696 tot 24.12.1696. Die skip het eers weer in Augustus 1700 die Kaap op pad na Batavia aangedoen. <http://www.vocsite.nl/schepen/lijst.html>, *Vosmaar*; A. Böeseken (red.), *Resoluties van die Politieke Raad III, 1681-1707* (1961), p. 309 (21.12.1696). Hulle het waarskynlik in 1696 die Kaap bereik – soos ander bronne wel aangee. J.G. le Roux, *Hugenotebloed in ons are* (1988), p. 160. Le Roux dui hom wel as "junior" aan, maar dit is onduidelik of hy daar mee bedoel dat daar twee volwasse persone betrokke is.

<sup>12</sup> Bronne verskil oor hierdie familie. Sommige wil dat dit sy seun was wat met Sézille getroud was, maar Heese en Lombard toon aan dat sy Paul senior se tweede vrou was en dat Paul Junior eers in 1694 gebore is. J.A. Heese & R.T.J. Lombard, *Suid-Afrikaanse geslagsregisters II, D-G* (Pretoria, 1989), p. 275. Boucher het egter die huweliksinskrywing van Paul le Febvre en Sézille op 27 Junie 1694 in Middelburg opgespoor. Hulle seun, ook Paul, is dieselfde jaar gebore. M. Boucher, *French speakers at the Cape* (1981), pp. 226-227. Paul senior se vrou, Marie Taillefert, het toe nog geleef. In 1700 verskyn hulle name as Paul Lafeber en Elisabeth La Sisse en in 1702 as Paul le Febre en Elisabeth Saisil met twee kinders. KAB. VC. 39, Monsterrolle van Vryburgers 1668-1700, vol. 1, p. 193; VC. 49, Monsterrolle van die vrye luyden, p. 3. Omdat dié familie uit die prentjie verdwyn, raak hulle wel en ween en korrekte inligting daaroor, nie hierdie verhaal nie.

Gedeon (sic), in 1701 in Drakenstein gedoop.<sup>13</sup> Die familie het in 1705 na Europa teruggekeer en die volle passaat self betaal.<sup>14</sup>

Gysbert le Fèvre (ook La Febre gespel in dokumente) van Overschie in Nederland, het in 1709 na die land gekom. Hy het later 'n vleispag bekom en was ook lid van die Burgerraad. Hy is in 1712 met Catharina van der Sande getroud. Hulle het 16 kinders gehad. Agt was seuns en daar was ook verskeie kleinseuns.<sup>15</sup> Dit is moontlik hy wat in 1717 'n jong slaaf, Casje la Febre (sic), gekoop het wat vroeër aan die goewerneur van Melaka, Pieter Rooselaar behoort het. Die verkooping het op versoek van die Weesheer in Batavia plaasgevind. Rooselaar het geen verbintenis met die Kaap gehad nie en daar moet aanvaar word dat Casje saam met die oud-goewerneur se familie tot in Tafelbaai gereis het. Die inskrywing is van so 'n aard dat dit voorkom of Casje se van la Febre was.<sup>16</sup> Louis le Fèbre van Parys het op 7 September 1719 as soldaat in diens van die Kompanjie aan boord van die *Nederhoven* in die Kaap aangekom. In 1723 is hy na Fort Rio de Lagoa verplaas en in April 1725 was hy steeds daar.<sup>17</sup> Daar is geen rekords dat hy 'n nageslag aan die Kaap gehad het nie.

Rosario le Fèbre van Ypres se verblyf aan die Kaap was kortstondig. In 1743 het sy en Johanna Elizabeth Spelling van Zell hulle as soldate vermom en daarin geslaag om op 'n skip van die Kompanjie na die Ooste te vertrek. Hulle is reeds in die Noordsee ontmasker en Josephus le Fèbre, soos sy haarselv genoem het, is op eie versoek teruggestuur. "Johan Elias Spelling" het hier aangebly.<sup>18</sup>

Pierre le Fèbre se seun, Guillaume, het twee seuns gehad. Jacob en Isaac is waarskynlik jonk dood en dié lyn van die familienaam het uitgesterf. As stammoeders van verskeie families het die Le Fèbre-vrouens'n langdurige nalatenskap in Suid-Afrika gehad. Barbere is met Nicolaus Cleef van Groszalze getroud en na sy dood met Roelof Jonas.<sup>19</sup> Uit die eerste huwelik is vyf seuns en drie dogters gebore, uit die

<sup>13</sup> GISA, NG Kerk, Drakenstein Doopregister 1694-1732, 16 April 1699 & 21 Augustus 1701.

<sup>14</sup> KAB. C. 1435 Uitgaande Briefen: Goew. en Raad-Here XVII, p. 529 (28.03.1705).

<sup>15</sup> Sy jongste seun, Jacobus Alexander, was in 1772 by die stigting van die Vrymesselaarslosie, De Goede Hoop betrokke en is op 5 Mei tot Eerste Opsiener verkies. O.H. Bate, *The Lodge De Goede Hoop* (Cape Town, 1972), pp. 180-185.

<sup>16</sup> KAB: MOOC 10/1:93 (19.03.1717). Rooselaar was goewerneur van Ternate van 1701-1706 waarna hy dieselfde pos van 1706-1709 in Melaka beklee het. M. Widjojo, *The revolt of Prince Nuku: Cross-cultural alliance-making in Maluku c.1780-1810* (Leiden, Martinus Nijhoff, 2009), p. 253; R.N. Bland., *Historical tombstones of Malacca mostly of Portuguese origin* (London, Elliot Stock, 1905), p. 52.

<sup>17</sup> <http://www.vocsite.nl/schepen/lijst.html>; G.C. de Wet, *Resolusies van die Politieke Raad VII* (Kaapstad, 1971), pp. 144-145.

<sup>18</sup> KAB C. 1539, Uitgaande Briefe, pp. 17-18 (10.03.1744); J.E. Louwrens, *Immigrasie aan die Kaap gedurende die bewind van die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie* (D.Phil-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1954), p. 155.

<sup>19</sup> KAB. CTD. 16 CDC 1/1/8, Titledeeds Stellenbosch and Drakenstein, Groot Zalze, p. 115; G.C. de Wet (red.), *Resolusies van die Politieke Raad V, 1716-1719* (1964), p. 94, voetnoot.

tweede 'n dogter. Die drie dogters van Pierre le Fèbre het saam sewe mans oorleef en aan 27 kinders geboorte gegee, sodat hulle 'n groot aantal nakomelinge gehad het. Hulle was die Suid-Afrikaanse stammoeders van families soos Everts, Ferreira, Haarhoff, Le Roux, Pienaar, Roi, Smit en Terblanche.

### Die Le Fèbres van Fleurbaix

Marié-Catherine (1686) was die vierde kind van Pierre le Fèbre en Marié de Gravé.<sup>20</sup> Hulle het in 1683 met hulle seun Guillaume, toe ongeveer drie jaar oud, in die Kaap aangekom.<sup>21</sup> Die volgende jaar is 'n dogter, Marthe (Martha) en in 1688 nog 'n dogter Catherine gedoop.<sup>22</sup>

Die Le Fèbres was afkomstig van die dorp Fleurbaix in die destydse provinsie Artois in Noordwes-Frankryk. Voor 1659 was dit deel van die Spaanse Nederlande, maar in dié jaar is dit deur Frankryk anneksieer. Die anneksasie is met die Vrede van die Pireneë, wat op die Dertigjarige Oorlog (1618-1648) gevolg het, erken. Die Franse Wale was nie deur die Edik van Nantes in hierdie nuwe gedeelte van die land nie beskerm nie en was verplig om die Rooms-Katolieke geloof aan te neem. Die Le Fèbres (sy pa was ook Pierre) het na Middelburg uitgewyk. Dit is moontlik dat hulle by kennisse of selfs familie aangesluit het. Daar was in 1574 reeds Le Fèbres in dié suidelike deel van die hedendaagse Nederland.<sup>23</sup> Dáár is die jonger Le Fèbre met Marié de Gravé getroud voordat hulle na die Kaap uitgewyk het. Hier het hy sy plaas Fleurbaix (later Fleurbaai) genoem.<sup>24</sup>

Pierre le Fèbre was een van vier vroeë Hugenote wat plase om Stellenbosch betrek het. Jean Margra was 'n buurman op Val de Lutry, suid van die dorp en François Villion (Viljoen) en Guillaume du Toit se plase, Idasvallei en Aan 't Pad, was noord daarvan.<sup>25</sup>

Van die Le Fèbres se verblyf op Fleurbaix is min bekend. Hoewel Pierre reeds teen 1685 daar gevestig is, is die plaas eers in 1694 aan hom beloof en die volgende

<sup>20</sup> In monsterrolle wissel die spelling: Lefebre, Feber, Le feber, Le Febre, Le Febur, Lafaber, LeFebrer, Le Febure. KAB. VC. 39, Monsterrolle van Vryburgers 1668-1700, vol. 1, pp. 70, 76, 83, 102, 145, 178; VC. 49 Monsterrolle van de vrye luyden, pp. 3, 66, 128.

<sup>21</sup> Sy en Maria de Graaff (sic), asook dié van Nicolaas Cleeff en BarbarLefebre (sic) se name word in 1685 in Stellenbosch aangeteken. KAB. VC. 39, Monsterrolle van Vryburgers 1668-1700, vol. 1, p. 70.

<sup>22</sup> GISA, NG Kerkregisters, Kaapstad 1665-1795, Film 5-20, pp. 29, 36. Martha was die eerste "Hugenoot"-boorling aan die Kaap.

<sup>23</sup> G.M. Theal, *History of South Africa before 1795*, vol. III (1964), p. 344.

<sup>24</sup> KAB. CTD. 16, Titledeeds Stellenbosch and Drakenstein districts 1698-1722, pp. 117-118 (28.07.1695); W.G. le Roux, *Om aan te prouw* (Pretoria, 1988), p. 29.

<sup>25</sup> M. Nathan, *The Huguenots in South Africa* (Cape Town, 1939), pp. 73-77.

jaar op sy naam geplaas.<sup>26</sup> In die monsterrol van 1692 word aangedui dat hy reeds daar boer.<sup>27</sup> In 1690 het hy, Guillaume du Toit en sy broer, François, van De Kleine Bosch in Daljosafat, elk slegs f50 uit die Taiwanese Armfonds ontvang.<sup>28</sup> Slegs sewe van die Hugenote, waaronder ds. Pierre Simond en die onderwyser en voorleser, Paul Roux, het geen geld ontvang nie.<sup>29</sup> Dit was die kleinste bedrae wat aan Hugenote uitbetaal is om hulle vestiging te ondersteun. Pierre le Fèbre was klaarblyklik 'n redelik suksesvolle boer. In 1692 het hy 7 000 wingerdstokke gehad en 30 mud koring, 10 mud rog en 3 mud gars geoes. Hy het ook 'n kneg in diens gehad.<sup>30</sup> In 1701 is Fleurbaai aan Johannes Siks oorgedra,<sup>31</sup> maar Pierre en Marié de Gravé, nou meestal Maria de Graaff geskrywe, verskyn in die monsterrolle van Stellenbosch tot 1704, hoewel hy in 1703 (ook?) 'n huis in die Kaapse nedersetting gehad het.<sup>32</sup>

Omdat die meeste van die eerste Europese wonings en ander plaasgeboue aan die Kaap en op Stellenbosch met vergaanbare materiale opgerig is, het geen van die oorspronklike strukture oorgebly om te dokumenteer nie. Die eerste geboue op Fleurbaix was bes moontlik ook hout- of lat-en-klei-strukture soos die algemene gebruik was.<sup>33</sup> In die jaar toe die Le Fèbre-familie hulle op Stellenbosch gevestig het, het kommisaris Adriaan Van Reede tot Drakenstein (†1691) die gebruik van te

<sup>26</sup> François Smuts-versameling, MS 229, J.H. van der Bijl: Die grondeienaars van Stellenbosch 1693-1860, Deel 2, Die eienaars van plase... Dokumentesentrum, US, J.S. Gericke-bibliotek, pp. 12-13 (28.07.1695).

<sup>27</sup> Sy en Maria de Graaff (sic) se name kom reeds in die rol van 1690 voor. Jan Bruijn was toe as kneg by hulle in diens. KAB.VC. 39, Monsterrolle van Vryburgers 1668-1700, vol. 1, aan't Stellenbosch, p. 78. In dié jaar had hy reeds 7 000 wingerdstokke – wat beteken dat hy reeds gevestig was. KAB. J. 183, Lijste van vrijluyden en derselver gedoente... 1692, ongenommer.

<sup>28</sup> Dit was geld uit die armfonds in Taiwan wat in Batavia gehou is nadat die handelspos op die eiland deur seerowers oorgeneem is.

<sup>29</sup> Jacques de Savoye is die enigste van hierdie wat beslis geboer het. Waar die ander hulle gevestig het en wat hulle gedoen het, is onduidelik. Hulle was Louis de Péronne, Guillaume Basson, Abraham du Plessis en Paul Brassier. KAB. C. 1386, Politieke Raad, Uitgaande Brieve, 1690, pp. 39-53, 95-97 (12.06.1690 & 27.07.1690). Hulle name verskyn gereeld in die monsterrolle van 1685-1707. KAB. VC. 39 Monsterrolle van Vryburgers 1668-1700, vol. 1, pp. 77, 83, 102, 145, 179, 193 en KAB. VC. 49, Monsterrollen van de vrijeluyden, pp. 3, 23, 66, 129.

<sup>30</sup> KAB. J. 183. Lijste van vrijluyden en derselver gedoente... 1692, ongenommer. Pierre le Fèbre kon ook geld aan anderleen. KAB. MOOC. 8/1, no. 50, Inventaris van Steeven Jansz: Botman, 12 Maart 1700.

<sup>31</sup> François Smuts-versameling, MS 229, J.H. van der Bijl: Die grondeienaars van Stellenbosch 1693-1860, Deel 2, Die eienaars van plase... Dokumentesentrum, US J.S. Gericke-bibliotek, pp. 12-13(15.10.1701); KAB. VC. 49. Monsterrolle van vrijelyuijden 1704, p. 66.

<sup>32</sup> KAB. MOOC. 8/1, no. 75. Inventaris van Hendrik Zeeger. "Aldus geinventariseerd ten huijs einde Tijgerbergen [plaas van Zeeger] en aan de Caap ter huijse P: le Febre voorn:t op den 3:en en 8: en Augustus a:o 1703."

<sup>33</sup> J. Walton, *Homesteads and villages of South Africa* (Pretoria, 1956), p. 5; K.M. Jeffreys, *Kaapse Plakkaatboek* (Kaapstad, 1944), pp. 7-8, 41.

veel hout vir dié doeleindes afgekeur en aanbeveel dat mure van klip en kleimortel opgerig en met kalkpleister afgewerk moes word en ses jaar later is 'n verbod teen die gebruik van hout vir die maak van huismure ingestel.<sup>34</sup> Party van die welvarende burgers, soos Steven Jansz Botma, het stewige huise van klip en steen gebou. Vos lei af dat sy huis op Welgevallen ruim sou gewees het, omdat 'n "taemlijken toeloop" van mense daar kon vergader tydens die kerkdiens waar Marié-Catherine gedoop is. Hy het ook die opstal op die plaas Doornbosch ondersoek en kon gedeeltes van die 17<sup>de</sup> eeuse konstruksie identifiseer. Dit was omtrent 22 meter lank en 6-7 meter wyd met 'n opgeboude haard en skoorsteen aan die westekant en het uit twee vertrekke bestaan, waarby in die 18<sup>de</sup> eeu aangebou en waarbinne verdere vertrekke ingerig is.<sup>35</sup> Ander mure is laag op laag van klei-en-strooi gebou. Daar kan egter slegs gespekuleer word dat die Le Fèbres se huis ook hierdie voorkoms en grootte gehad het en vergelyk kan word met dié wat deur landmeters op die grondtoekennings in die 17<sup>de</sup> eeu aangedui is (**Figuur 2**).

As die skrywes van Adam Tas 'n getrouwe weergawe is van hoe alle boere geleef het, het die bure deur die week, maar veral Sondae, gereeld oor en weer gekuier en was daar ook speelmaats vir Marié-Catherine. Pierre se suster, Barbre en Nicolaas Cleef (†1708)<sup>36</sup> se dogter, Anna Catharina, is in Oktober 1686 gebore, 'n dag voordat Marié-Catherine gedoop is. Hulle plaas, Groszalze het aan Fleurbaix gegrens.<sup>37</sup> Nicolaas Cleeff was twee jaar jonger en op die buurplaas, Blaauwklip, was Jean Neel (Jan Nel) slegs 'n paar maande jonger as sy. Oorkant die Eersterivier was Gertruy van der Bijl op die plaas Bo-Vreedenburg drie jaar jonger. Margaretha Elberts (Ellebrecht) van die buurplaas By den Weg was 'n paar maande ouer.<sup>38</sup>

Sondae sou die familie gestap het na die kerk wat op 19 Oktober 1688 deur ds. Johannes van Andel (1662-1690) ingewy is en waar ds. Pierre Simond van die Franse

<sup>34</sup> A. Böeseken, *Memoriën en instructiën 1657-1699* (Kaapstad, 1966), p. 202; K.M. Jeffreys, *Kaapse Plakaatboek* (1944), pp. 260, 266 (21/23.02.1691 en 21/22.01.1692).

<sup>35</sup> H.N. Vos, *An historical and archeological perspective of colonial Stellenbosch 1680-1860* (1993), p. 101.

<sup>36</sup> J. Hoge, *Personalia of the Germans at the Cape 1652-1806, Archives Yearbook for South African history*, 9 (Cape Town, 1946), p. 61; Die plaas "Groot Zalse" is op 31.01.1695 op sy naam geplaas. KAB. CTD. 16 / CDC 1/1/1. Title deeds, Stellenbosch, Drakenstein and Swellendam districts, pp. 305-306.

<sup>37</sup> KAB. CTD. 16, Title deeds Stellenbosch and Drakenstein districts 1698-1722, pp. 115-116 (31.01.1695) & pp. 117-118 (28.07.1695).

<sup>38</sup> J.A. Heese & R.T.J. Lombard, *Suid-Afrikaanse geslagsregisters I, A-C* (Pretoria, 1986), p. 526, 587 & II D-G (1989), p. 177; J.A. Heese & GISA, *Suid-Afrikaanse geslagsregisters VI, D-G* (Stellenbosch, 2001), p. 78; François Smuts-versameling, MS 229, J.H. van der Bijl: Die grondeienaars van Stellenbosch 1693-1860, Deel 2, Die eienaars van plase. Dokumentesentrum, US, J.S. Gericke-bibliotek, pp. 12, 14 & 15.

Drakenstein-gemeente tweeweekliks die preek tot 1694 waargeneem het. Tussendeur en daarna moes hulle tevrede wees met die voorlesings van preke deur die sieketroosters, omdat 'n vaste predikant vir Stellenbosch eers in Maart 1700 aangewys is.<sup>39</sup>

In die oesseisoen sou Marié-Catherine, haar broer en susters moes help met die gaarding en ook graan na die regeringsmeul aan die bopunt van Dorpstraat, oos van die Drostdy, geneem het. Teen hierdie tyd was die eerste meul op die plaas Oude Meulen, net oorkant die Eersterivier van Fleurbaai, nie meer in gebruik nie.<sup>40</sup> Dit was goeie jare vir die boere. Graanboerdery was winsgewend nadat pryse in 1683 verhoog is, die wingerdbou het vinnig uitgebrei en die veestapel is drasties vermeerder. In 1692 is 2 460 mud graan, 233 000 wingerdstokke en amper 12 000 skape vir Stellenbosch aangeteken.<sup>41</sup>

Die Le Fèbre-dogters en die buurkinders sou soggens die afstand na die kerkskool met die "wagenpad", later Dorpstraat, te voet afgelê het. Hier is die seuns en meisies geskei.<sup>42</sup> Dié skool is na 1683 gestig nadat 'n aansoek daar toe op 28 September 1683 deur die Politieke Raad bespreek is. Daar was toe ongeveer 30 families gevestig en hulle het hulle bekommernis uitgespreek dat die kinders "... tot nogh toe bijgebreck van een bequaam man om om haar het lesen en schryfien en andre godtsdienstelike oeffeningen en 't geen verder tot een Christelike educatie van noden is te onderwijsen, gants woest en ongebonden sijn opgebragt..." Hulle doen gevolglik aansoek dat 'n bekwame persoon as onderwyser en voorleser aangestel moet word.<sup>43</sup> Sybrand Mancadan (†1693) is aangestel en moes aanvanklik goeie werk gedoen het, want in 1686 het hy ook die pos as sekretaris van die landdros en heemrade bekom.<sup>44</sup> Mancadan, wat in 1682 as leraar deur die Provinciale Sinode van Sneek as predikant geskors is, onder meer oor "menivuldige dronkenschappen en andere grove misdrijven",<sup>45</sup> het in die volgende jaar as korporaal in die Kaap aangekom. Kort na die aanvaarding van sy ampte in Stellenbosch het hy weer in sy ou gewoontes verval. In 1687 stuur die heemraad van Stellenbosch 'n klagskrif teen Mancadan aan die Kommandeur. Die Raad maan almal om meer verdraagsaam te wees, gee Mancadan opdrag om die predikant, ds. Van Andel, gehoorsaam te wees,

<sup>39</sup> S.P. Engelbrecht, *Die Kaapse predikante van die sewentiende en agtiende eeu* (1952), pp. 26- 30.

<sup>40</sup> J. Walton, *Water-mills windmills and horse-mills of South Africa* (Cape Town, 1974), pp. 38-40; F. Smuts, Plaaslike bestuur, in F. Smuts (red.), *Stellenbosch drie eue* (Stellenbosch, 1979), p. 165.

<sup>41</sup> D.J. van Zyl, Landbou, in F. Smuts (red.), *Stellenbosch drie eue* (1979), p. 178.

<sup>42</sup> P.S. du Toit, *Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie 1652-179* (Kaapstad, 1937), pp. 15, 88.

<sup>43</sup> A. Böeseken (red.), *Resolusies van die Politieke Raad III, 1681-1707* (1961), pp. 72-73 (28.09.1683); F.C. Fensham (red.), *Drie eue van genade* (1986), p. 72. Fensham gee die datum as 28 Desember aan.

<sup>44</sup> A. Böeseken (red.), *Resolusies van die Politieke Raad III, 1681-1707* (1961), p. 141 (05.08.1686).

<sup>45</sup> C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III* (Kaapstad, 1977), p. 592.

nie die grense van sy pligte as voorleser te oorskry nie en dat “... de jeugd hem an vertrouwd door goede en naarstige onderwijsing de geledene schade mag inhaalen.”<sup>46</sup> Hy word nog ’n kans gegun en sy naam bly op die monsterrolle as sieketrooster tot sy dood, toe Marié-Catherine in haar eerste skooljare was.

Die onderwyser se eerste plig was om “vooreerst de jeucht de vreese des Heeren in te scherpen” en die beginsels van die Christelike godsdiens op hulle in te prent.<sup>47</sup> Taal was nie toe ’n skoolvak nie en klasse was in Nederlands, anders as in Drakenstein. Dit sou vir die Le Fèbre-kinders geen probleem ingehou het nie. Hulle ouers was jare in Middelburg woonagtig en het Nederlands onder die knie gehad, terwyl die meeste van hulle onmiddellike bure van Germaanse afkoms was. Op skool is hulle verder geleer om hulle ouers, die owerhede en onderwysers te gehoorsaam. Laastens moes hulle lees, skryf en syferwerk onder die knie probeer kry. Aan die einde van die jaar is hulle deur “schoolarchen of haar opsienders in hun voortgang ondervraagd, en dat-se proevstukken in ’t leesen, schrijven, cijferen en huns geloofs Articulen sullen gegeven hebben...” Verdienstige vrygebore kinders is met prysen en soetkoek van verskillende groottes beloon; ywerige slawekinders moes met soetkoek tevrede wees.<sup>48</sup> Op die ouderdom van veertien was kinders veronderstel om hulle skoling te voltooi. Die einddoel was om aangeneem en in die gemeente opganeem te word.<sup>49</sup>

In 1694, toe Marié-Catherine agt jaar oud was, is Jan Janz Swart in Mancadan se plek aangestel. Onder Swart het dit eintlik slechter met die onderwys as onder sy voorganger gegaan. Hy het hom so swak gedra dat die kerkraad die owerhede in 1700 versoek het om vir hulle ’n meer stigtelike man te vind. Dié man was Jan Mahieu wat in Desember 1700 ook sekretaris van die landdros en heemrade geword het.<sup>50</sup> Sy “... hoog droevigwijs zeer veel spreekend” voorlesing het Adam Tas (1668-1722) tot wanhoop gedryf en laat besluit het dat dit nie die moeite werd was om na die kerk te loop om dit aan te hoor nie.<sup>51</sup> Du Toit skryf dat die onderwystoestande in Stellenbosch ‘n tyd lank waarskynlik veel te wense oorgelaat het en dat daar selfs geen openbare skool bestaan het nie, of dat dit ten minste nie deur die sieketrooster waargeneem is nie.<sup>52</sup>

<sup>46</sup> A. Böeseken (red.), *Resolusies van die Politieke Raad III, 1681-1707* (1961), pp. 185-186 (26.01.1688).

<sup>47</sup> Fensham haal hier aan uit die kerkorde wat in 1643 vir die gemeente Batavia opgestel is en, volgens hom, net so op Kaapse onderwys van toepassing gemaak kan word. F.C. Fensham (red.), *Drie eeuwe van genade* (1986), p. 72. Ds. Le Boucq (1675-1745) het in 1707 nog gekla dat die Kerkordes en skoolreglemente van die Here XVII nie aan die Kaap nagekom word nie. A. Böeseken (red.), *Resolusies van die Politieke Raad IV, 1707-1715* (Kaapstad, 1962), p. 10 (12.07.1707).

<sup>48</sup> A. Böeseken (red.), *Resolusies van die Politieke Raad III, 1681-1707* (1961), p. 179 (22.12.1687).

<sup>49</sup> G.M. Theal, *History of South Africa before 1795*, vol. III (1964), p. 260; P.S. du Toit, *Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie 1652-1795* (1937), p. 54.

<sup>50</sup> KAB. C. 507, Uitgaande Briefen 1701-1703, Politieke Raad aan Here XVII, p. 210 (08.04.1701).

<sup>51</sup> L. Fouché (red.), *Dagboek van Adam Tas 1705-1706* (Kaapstad, 1970), pp. 58, 158.

<sup>52</sup> P.S. du Toit, *Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie 1652-1795* (1937), p. 56.

Teen hierdie agtergrond van nie-voorbeweegde leermeesters en onvoldoende onderwys, was dit geen wonder nie dat Marié-Catherine wat teen die tyd dat Mahieu sy amp aanvaar het, besig was om vir haar eerste huwelik voor te berei, nie leer lees en skryf het nie. Toe haar man elf jaar later oorlede is, kon sy, as Maria Cathrijn (sic) le Fèbre, sy inventaris net met 'n kruisie merk.<sup>53</sup> De Villiers skryf dat die Hugenote oor die algemeen meer geletterd as die reeds gevvestigde burgers aan die Kaap was, omdat hulle die onderwys as deel van 'n kind se godsdienslike onderrig beskou het.<sup>54</sup> Maar ook Jeanne Mouy, wat met Jean le Roux getroud is, en eers c1699 saam met haar pa gearriveer het, moes haar man se inventaris met 'n kruisie merk.<sup>55</sup>



**Figuur 2: Tekeninge van huise op Blaauwklippen, Libertas en Coetzenburg deur Johannes Mulder teen die einde van die 17<sup>de</sup> eeu. Die tydgenootlike woning van die Le Fèbres op Fleurbaix of die Drakensteinse huise, waar Marié-Catherine na haar huwelike gebly het, sou nie veel van hierdie eenvoudige strukture verskil het nie.<sup>56</sup>**

### Gabriel le Roux, La Concorde en Salomonsvlei, Klein-Drakenstein

In 1701 is Marié-Catherine met Gabriel le Roux (1669-1711)<sup>57</sup> van Drakenstein getroud. Gabriel en Jean le Roux (1667-1711) was afkomstig van Blois in die Orléanais, aangrensend aan die Île-de-France en het in 1687 na Nederland uitgewyk nadat hulle die Protestantse geloof, as deel van hulle ontsnappoging uit Frankryk, afgelê het. Op 26 Junie van dié jaar het hulle in Delft openbare belydenis voor ds. Augustin Baccuet

<sup>53</sup> KAB, MOOC, 8/2, Inventaris van Gabriel le Roux en Jean le Roux, pp. 56 & 57 (30.11.1711).

<sup>54</sup> J.C. de Villiers, Gedagtes oor Hugenote-voorvaders in die neëntigs, *Hugenote Vereniging van Suid-Afrika, Bulletin* 24, 1987, p. 43.

<sup>55</sup> In 1713 het Marié-Catherine se suster, Martha, 'n transportakte ook met 'n kruisie gemerk. Aktekantoor, Transaksies vol. 22, 1713, T949, p. 209.

<sup>56</sup> J. Walton, *Old Cape farmsteads* (Pretoria, 1989), pp. 12-14.

<sup>57</sup> Kopie van die doopseël van Gabriel le Roux, Blois, 28 Julie 1669. Hugenote-Museum, Franschhoek. Hy was toe drie dae oud.

gedoen vir hulle “dwaling” en na die Protestantse geloof teruggekeer.<sup>58</sup> Beide het in 1688 met die *Voorschoten* na die Kaap gekom.<sup>59</sup> Vandaar is hulle saam met ander Hugenote na hulle plase in Drakenstein vervoer. Volgens die voorskrifte sou elkeen soveel grond kry as wat hy kon bewerk, asook bougereedskap, saadkoring en beeste wat op krediet aan hulle gelewer is. Dit het nie beteken dat almal dadelik geholpe is en tevrede was nie. Baie was nie ingenome met die kwaliteit van die grond wat aan hulle gegee is nie. Ds. Pierre Simond, wat saam met die Franse uitgekom het, het ’n versoek aan die Politieke Raad gerig om ander grond aan te vra. Dit is toegestaan en boere is toegelaat om nuwe plase uit te soek. Dit moes binne sekere grense plaasvind, maar hulle kon hulle ook aan die oorkant van die Bergrivier vestig. Hulle het gou agtergekom dat dit nie in alle opsigte ’n wyse besluit was nie. Met die eerste winter kon hulle nie deur die rivier kom nie.<sup>60</sup> Kerk- en skoolbesoeke was dikwels onmoontlik. Beide dié twee bedrywighede is verder aan bande gelê deur die verdere verspreiding van die plase en die groot afstande wat sommige sou moes aflê, waar die skool en kerk ook al opgerig sou word.

Dat party van die nuwe setlaars gesukkel het om kop bo water te kry, word duidelik wanneer ds. Simond reeds teen Oktober 1688 aangestel word om die kollektes by gevestigde burgers in te samel en te beheer vir die armfonds wat vir hulle gestig is. Vee en ook perde is vir teeldoelendes aan hulle verskaf.<sup>61</sup> In 1690 verkry Gabriel le Roux, soos die meeste ander ongetroude Franse mans, ongeveer f130 uit die Taiwannese armfonds, ’n bedrag wat gelyk gestaan het aan die helfte van sy skuld by die Kompanjie.<sup>62</sup> Die hulp is aangevul met materiaal en bougereedskap uit die Kompanjie se pakhuis. Gabriel ontvang 6 mud tarwe, twee goingsakke en twee beeste in 1688 en in die volgende jaar 6 mud tarwe, een skepel sout, ’n dubbele ploegskaar, couteau (kapmes?), byl, beitel, graaf, beslaag (hoefysters of hoepels) en skop, 4 lb lood, 1 ysterpot, 20 lb spykers, ¼ yseretros (bondel yster), 2 lb buskruit en 10 snaphaanstene.<sup>63</sup>

<sup>58</sup> W.G. le Roux, *Om aan te proux* (1988), p. 17.

<sup>59</sup> Gabriel en Jean word in bronre dikwels as broers beskou. J.G. le Roux, *Hugenotebloed in ons are* (1988), p. 38; W.G. le Roux, *Om aan te proux* (1988), p. 18. Hulle onderskeie pa’s, Pierre (1623-1682) en Isaac (1615-1687) was neefs wat (moontlik) met niggies, Anne (\*1639) en Jeanne Bourdon (1634-1672) getroud was. Isaac het vermoedelik na die dood van Pierre in 1682 met Anne in die huwelik getree, sodat die kleinneefs ook stiefbroers geword het. S.W. le Roux, *Van La Concorde na Op-de-Tradouw* (Gordonsbaai, 2007), pp. 25, 26.

<sup>60</sup> E.H. Raidt (red.), *Beschryvinge van de Kaap de Goede Hoope met de zaaken daar toe behoorende door François Valentyn* (Kaapstad, 1972), vol. 1, pp. 156-158.

<sup>61</sup> A. Böeseken (red.), *Resolusies van die Politieke Raad III, 1681-1707* (1961), p. 196 (08.11.1688).

<sup>62</sup> J.L.M. Franken, *Die Franse vlugtelinge II, Die Huisgenoot*, 27 November 1925, p. 21.

<sup>63</sup> KAB. VC. 107, Specificatie van alle provision aan de France Vlugtelingen verstrek 1690; [pp. 6-7] in die gebinde maar ongenommerde dokument.

Die plaas La Concorde langs die Bergrivier in Klein-Drakenstein, is in 1689 aan Gabriel toegeken en op 3 Maart 1692 het hy sy grondbrief van goewerneur Simon van der Stel daarvoor ontvang.<sup>64</sup> Die twee Le Rouxs was onafskeidbaar en het moontlik eers saam op Gabriel se plaas geboer. Jean se grondbrief vir Parys oorkant die Bergrivier is op 28 Februarie 1699 deur Willem Adriaan van der Stel aan hom toegeken, maar nie onderteken nie.<sup>65</sup>

In 'n drieledige ruiloooreenkoms op 7 Julie 1695 tussen Gabriel, Salomon de Gournay (\*c1650) en David Senechal (c1667-1746) kom De Gournay in besit van Hartebeeskraal en Gabriel trek na Salomonsvlei. Senechal gaan boer op La Concorde. Dit het beteken dat Gabriel se nuwe plaas aan dié van Jean le Roux gegrens het.<sup>66</sup> Sy ander bure was De Gournay en Jacques Pinard (1665-1712) op Lustigaan.<sup>67</sup> Gabriel en Pinard (Pienaar) het mekaar geken sedert hulle saam met die *Voorschoten* na die Kaap gekom het. Hy is in 1698 met Martha le Fèbre getroud en Gabriel kon Marié-Catherine op Lustigaan by haar ouer suster ontmoet het.

Marié-Catherine was veertien jaar oud en Gabriel 30 toe hulle in die huwelik bevestig is. Hoewel kerkrekords vir dié periode nie opgespoor kan word nie, is die huwelik waarskynlik in die eerste kerk in Stellenbosch deur die eerste vaste predikant, ds. Hercules van Loon (c1668-1704) voltrek.<sup>68</sup> Twee jaar later het die 36-jarige Jean le Roux met Marie Mouy in die huwelik getree.

Beide families het hulle in eenvoudige huise gevvestig. Gabriel en Marié-Catherine het De Gournay se huis betrek wat hy in 1692 gebou het. Volgens oorlewering in die Malan-familie, wat sedert 1837 die plaas besit, het dié huis nog tot vroeg in die 20ste eeu bestaan. Dit was volgens hulle 'n tweevertrekgebou met 'n grasdak. Van die oorblyfsels van die muurklippe is 'n gedenkteken vir De Gournay in 1942 op die fondamente van die huis opgerig.<sup>69</sup>

<sup>64</sup> KAB. CTD. 16, Titled deeds Stellenbosch and Drakenstein districts 1698-1722, pp. 305-306 (03.03.1692); W.G. le Roux, *Om aan te proux* (1988), pp. 20-21. Die teks is getranskribeer in K. le Roux, *Die Families Le Roux in Suid-Afrika* (Pretoria, 1991), p. 458.

<sup>65</sup> Kaapse Aktekantoor, Old Stellenbosch Freeholds, Vol. 1, Part 2, Diagram 53/1699. Die plaas se naam word as 'Parie' ingeskryf.

<sup>66</sup> Kaapse Aktekantoor, Old Stellenbosch Freeholds, Vol. 1, Part 2, Diagram 3/1694. Inskrywing op 21.07.1695; W.G. le Roux, *Om aan te proux* (1988), p. 30.

<sup>67</sup> KAB. CTD. 16 / CDC 1/1/1/8, Title Deeds, Stellenbosch, Drakenstein and Swellendam districts, Lustigaan, pp. 375-376 (27.08.1694).

<sup>68</sup> 'n Ander moontlikheid is dat hulle deur die Franse predikant Pierre Simond in die huwelik bevestig is, wat toe steeds op 'n plaasvervanger gewag het nadat hy reeds in 1700 verlof gevra het om die land te verlaat. S.P. Engelbrecht, *Die Kaapse predikante van die sewentiende en agtiende eeu* (1952), p. 28.

<sup>69</sup> J.G. le Roux. & W.G. le Roux, *Ons Drakensteinse erfgrond. Klein-Drakenstein* (Paarl, s.a.), p. 18; W.G. le Roux, *Om aan te proux* (1988), pp. 30-31. Die fondament mag oorspronklik wees en ook sommige van die klippe. Dit is egter te betwyfel of dit nog dieselfde mure was wat De Gournay gebou het en die wind en weer vir 200 jaar weerstaan het.

Gabriel en Marié-Catherine se name kom slegs sporadies in die rekords voor. Hoewel Theal Gabriel, Jean le Roux en ook Jean le Roux van Normandië in 1691 onder die *mees vername inwoners van Drakenstein* reken, is dit te betwyfel of hy 'n baie suksesvolle boer was.<sup>70</sup> Aan die begin het hy fluks gevorder, aanvanklik saam met sy kleinneef. In die grondbrief vir La Concorde word die noordelike grens daarvan as "tegens dat van Jan le Roux" aangedui.<sup>71</sup> Sy noordelike buurman was egter Jean Cloudon op die plaas De Goede Hoop en die inskrywing mag beteken dat Jean ook in 1692 nog op La Concorde in sy eie huis aan die noordelike grens gebly het. In die opgaaf van Vryburgers vir daardie jaar word hulle as *compagnons of maets* aangedui wat saam geboer het. In 1699 het Jean besit van sy eie plaas geneem, maar hulle het steeds saam geboer – 'n aktiwiteit wat teen hierdie tyd vergemaklik is omdat hulle phase aan mekaar gegrens het.<sup>72</sup> In 1692 het Gabriel en Jean 11 osse en 4 000 wingerdstokke gehad. In 1700, die jaar voor sy huwelik, het die beeste tot twaalf aangegroei. Verder was daar drie varke, 6 000 wingerdstokke, waaruit vier lêers wyn gepars is en 10 mud rog, gewen van twee, gesaai.<sup>73</sup>

W.A. van der Stel (1664-1733) het op 11 Februarie 1699 die goewerneurskap by sy vader oorgeneem. Teen 1700 besit byna al die hooggeplaaste amptenare grond, nadat Kommissaris Wouter Valckenier (1659-1710), wat die Kaap in daardie jaar besoek het, nog meer grond aan hulle toegeken het. Van der Stel het 400 morg by Hottentots-Holland gekry. Dit het hy Vergelegen genoem. In 1703 het hy nog 117 morg bekom deur die grond aan die tuinier, Jan Hartogh, te skenk en dit weer van hom terug te koop.<sup>74</sup> Later het hy al die weiveld oos van die Hottentots-Hollandberge vir sy eie vee in beslag geneem. Hy het begin om sy amptelike pligte te verwaarloos en algaande meer en meer tyd op Vergelegen deurgebring. Die boere, wat met hom moes meeding, het hierdie toestand as onaanvaarbaar beskou.

Tussen Desember 1705 en Februarie 1706 het hulle in opstand gekom. Henning Hüsing (1649-1713) en sy neef Adam Tas, het in die geheim 'n klagskrif opgestel waarin die Goewerneur en verskeie amptenare van onder meer omkopy en afpersing beskuldig is. Dié klagskrif is tussen die boere in Drakenstein rondgeneem om

<sup>70</sup> G.M. Theal, *History of South Africa before 1795*, vol. III (1964), p. 369.

<sup>71</sup> KAB. CTD. 16 / CDC 1/1/1/8, Title Deeds, Stellenbosch, Drakenstein and Swellendam districts, pp. 306-307 (03.03.1692).

<sup>72</sup> In 1690 boer die Le Rouxs as *compagnons* ook saam met Isak Talifer en Jacues Terron (sic). In 1691 word hulle name eenvoudig saam opgegee as Jean & Gabriel Roux en in 1695 as "Jean & Gabriel Le Roux maets". Die samewerking duur voort. KAB. VC. 39, Monsterrolle van Vryburgers 1668-1700, vol. 1, p. 89, 109, 149, 165, 183. Volgens De Wet het hulle tot 1707 in venootskap geboer. G.C. De Wet, *Die Vryliede en Vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657-1707* (1981), p. 108.

<sup>73</sup> KAB. J. 183, Lijste van vrijluyden en derselver gedoenste... Drakenstein 1692, ongenommer.

<sup>74</sup> L. Fouché (red.), *Dagboek van Adam Tas 1705-1706* (1970), p. 238.

ondertekenaars te werf. Op Sondag 24 Januarie 1706 het twintig Franse by die huis van Pieter van der Bijl aangekom en die klagskrif onderteken, na die voorlesing daarvan deur Tas.<sup>75</sup> Die geskrif is deur 63 beswaarders onderteken, waarvan 30 Huguenot was. Die klagskrif is deur Abraham Bogaert, skeepsarts van die retoervloot van 1706, aan die Here XVII besorg. Van der Stel het intussen 'n getuigskrif laat opstel waarin Vryburgers hulle tevredenheid met sy administrasie uitgespreek en van sy eerlikheid getuig het. Die Vryburgers, waaronder die Huguenot, was nie eensgesind in die stryd nie. Dertig Franse het Tas se klagskrif onderteken en 42 die getuigskrif van Van der Stel, terwyl ander nie een van die twee geteken het nie.<sup>76</sup> Claude en Charles Marais het hiervoor opgemaak deur beide dokumente te onderteken.

Bronne dui aan dat die klagskrif deur Jean le Roux en J. le Roux onderteken is. Dit word dan aanvaar dat dit Jean, genoem van Normandië, en Jean, genoem van Blois, was.<sup>77</sup> W.G. le Roux betwiss hierdie aanname en stel dat die G van Gabriel se handtekening as 'n J gelees word en baie lyk na die J van byvoorbeeld Jacques Theron en Jean Gardiol se handtekeninge. Beide Jeans le Roux het hulle voorname voluit geteken<sup>78</sup> en volgens die getuenis van Pierre Rousseau, wat 'n vriend van Gabriel was, was Gabriel teenwoordig toe hy die klagskrif by Pieter van der Bijl in die teenwoordigheid van Tas en andere onderteken het.<sup>79</sup> Dit kom voor asof hierdie ontmoeting tussen Tas en die Franse en die ondertekening van die klagskrif nie toevallig was nie, maar vooraf gereël is. Dit het na die kerkdiens op Sondag 24 Januarie 1706 op Van der Bijl se veepos, Babylons Toren, plaasgevind. Sou die kerkdiens as kamoefteling vir die geleentheid gedien het, was Marié-Catherine ook die dag teenwoordig, hoewel nie by die geskrif se ondertekening nie. Tas skryf dat twintig Franse mans na die diens by Van der Bijl se verblyfplek saamgekom het.<sup>80</sup> Dit is dus moontlik dat dit wel Gabriel was wat geteken het, maar ten minste speel hy in die rekords, geen verdere rol in die

<sup>75</sup> L. Fouché (red.), *Dagboek van Adam Tas 1705-1706* (1970), pp. 164-166.

<sup>76</sup> J. Malherbe, Die aandeel van die Huguenote in die stryd teen W.A. van der Stel, *Huguenote Vereniging van Suid-Afrika, Bulletin 24*, 1987, pp. 36-42. Die res van die stryd, wat op die herroeping van Van der Stel en ander amptenare uitgeloop het, is nie hier ter sprake nie.

<sup>77</sup> G.M. Theal, *History of South Africa before 1795*, vol. 3 (1964), p. 430; J. Malherbe, J. Die aandeel van die Huguenote in die stryd teen W.A. van der Stel (1987), p. 41.

<sup>78</sup> W.G. le Roux, *Om aan te prouw* (1988), pp. 28-29. Vir die handtekeninge van Huguenote: C.G. Botha, *Die Kaapse Huguenote* (Kaapstad, 1939), teenoor p. 68. Gabriel le Roux was in 1700 een van die getuies by die doop van Rousseau se oudste seun en Jean se vrou, Jeanne Mouy, was saam met hom getuies by die doop van Jacques Retif (sic) in 1706. Rousseau is in Mer gebore en dit is duidelik dat hy beide Le Rouxs goed moes geken het. TheFifty years project, <http://www.e-family.co.za>, Pierre Rousseau (11.09.2011).

<sup>79</sup> J.L.M. Franken, Die Franse vlugtelinge VII, *Die Huisgenoot*, 16 Desember 1927, pp. 41, 43.

<sup>80</sup> L. Fouché (red.), *Dagboek van Adam Tas 1705-1706* (1970), pp. 52 en nota 50, 166, nota 241. Jean le Roux se swaer, Pierre Mouy, het die klagskrif onderteken.

ontvouing van die aangeleentheid nie en is nie direk geraak deur die optrede van die Goewerneur na die bestaan van die skrif bekend geword het nie.

Gabriel en Marié-Catharine het onopvallende lewens gelei. In 1708 verskyn sy naam terloops in 'n hofsaak. In Januarie van dié jaar was hy een van verskeie vriende wat aan huis van Josua Sellier (Celliers) en sy vrou Elizabeth Couvret op die plaas Het Kruis Pad, "tusschen de bottelerije en de tijgerbergen", gekuier het. Terwyl die "twaalven zaaten en dronken", het 'n twis oor 'n gesteelde sweep uiteindelik tot 'n bakleery gelei, waartydens Jacob Bournabais (wat in die omgang as Bombom bekend was en vroeër 'n kneeg by Gabriël se skoonpa was), op die grond gegooi en met 'n mes gesteek is.<sup>81</sup> Bournabais is aan huis van Jacques Bissey verpleeg en beide het later eise teen die aanvaller, Pieter Harmensz, alias Brasman, ingestel. Hierin vra Bournabais "pour ses peine et douleurs cent cinquante livres [et] pour son temps perdu quarante cinq livres." Bissey eis ook vergoeding vir die verpleging van die gewonde.<sup>82</sup>

Afgesien daarvan dat sy naam as een van die besoekers genoem word, het Gabriel skynbaar nie fisies aan die onderonsie deelgeneem nie. Die byeenkoms by Sellier was vrolik en dit is net moontlik dat baie wyn te vrylik gevloeи het. Gabriel was nie ongeneë om soms 'n glasie of twee te veel te drink nie. Twee jaar later verskyn hy voor die Landdros en Heemrade van Stellenbosch op aanklag dat hy die kerkraadslede van Drakenstein esels genoem het. Hy erken dat hy dit gedoen het en voer ter versagting aan dat hy dronk was. Hy is gelas om die kerkraad om verskoning te vra en moes 5 Rds in die diakoniekas stort wat vir behoeftiges aangewend is.<sup>83</sup>

Uit al hierdie verhale en brokstukke van gebeurtenisse leer ons weinig van die lewe van Marié-Catherine self. Sy sou seker saam met Gabriel oor en weer by haar suster gekuier het en ook op Parys by Jeanne Mouy wat met Jean getroud is. Hulle gebruiktaal was waarskynlik Frans, veral omdat Mouy skaars vier jaar voor haar huwelik aan die Kaap gearriveer het. In 1700 skryf Jean le Roux nog in Frans op 'n Nederlandse notariële akte om aan te dui wie se merktekens op die dokument

<sup>81</sup> Pierre le Feuvre(sic) neem diens en lenings van Jacob Bournabais oor, matroos van Bons in diens van die Kompanjie. In Maart 1684 is hy as kneeg na Pierre Rousseau. KAB. CJ. 2870 Kontrakte, pp. 43-44 (14.12.1692). In 1709 het Pieter Lombard 'n skuldeis teen hom ingestel. KAB. 1/STB 5/6. Pieter Lombaar contra Jacob Bournaboijs (06.05.1709), ongenommer.

<sup>82</sup> Pieter Harmensz Brasman was in 1703 saam met minstens twee van die persone by die onderonsie teenwoordig, Gabriel en Josua "Zille", in dieselfde infanterie-eenheid ingedeel. Hulle het mekaar dus geken. KAB. 1/STB 13/21. Generale monsterrolle der infanterie van Stellenbosch onder kaptein Barent Burgert 1703, ongenommer; CJ. 4 (ii). Oorspronklike regssrolle en notule, Fiskaal contra Pieter Harmensz Brasman, folio 716 (05.07.1708); J.L.M. Franken, Nog 'n paar Huguenote-briefies, *Die Huisgenoot*, 9 Augustus 1929, p. 44.

<sup>83</sup> F. Smuts, Plaaslike bestuur, in F. Smuts (red.), *Stellenbosch drie eeue* (1979), p. 154.

voorkom.<sup>84</sup> Intussen het Marié-Catherine die ma van Marié-Madelaine gewood<sup>85</sup> (gedoop Drakenstein, 12.08.1702). Dit is moontlik die volle name van haar ouma Marié de Gravé, want ook haar niggie Pinard wat in 1701 gebore is, word Marié-Madelaine gedoop. Hulle word later bure op die plase Cabrière en Champagne in Franschhoek. Pierre le Roux is omtrent twee jaar na Marie-Madelaine, in 1704 gebore.<sup>86</sup> Twee jaar later is Daniel gedoop.<sup>87</sup> Hy is ongetroud oorlede. Abraham is ongeveer in 1709 gebore en die jongste kind, Gabriel, na die oorlyde van sy pa.

Op 4 Februarie 1710 het die chirurgyn Gideon le Grand (†1710) Gabriel aan huis besoek. Wat sy ongesteldheid was, word nie vermeld nie en die medisyne voorgeskryf was destydse panaseë. Le Grand skryf in sy dagboek 'n saffraandrankie voor. Op 14 Mei besoek die chirurgyn hom weer vir 'n geswel of opswelling en word 'n purgasie voorgeskryf. Op die 16<sup>de</sup> word die pasiënt van 'n botteltjie terpentynolie voorsien.<sup>88</sup> Een van die rate moes die gewenste uitwerking gehad het, of Gabriel is hierna deur 'n ander chirurgyn behandel. Le Grand is self later in die jaar oorlede.

Wat die kwaal ook al was, was dit nie die oorsaak van Gabriel se dood nie. Oorlewering is dat hy en Jean saam in die winter van 1711 in die Bergrivier of die Wildepaardsrivier verdrink het en dat hulle liggamo teen 'n rivierwal in mekaar se arms gevind is. Dit is nie bekend waar hulle begraafplaas plaasgevind het nie. Dit kon in die destydse erkende begraafplaas by Babylons Toren gewees het waar die eerste kerkie van Drakenstein was.<sup>89</sup> In die geval waar riviere in vloed nie oorgesteek kon word nie, is begraafplaas op hulle eie plase toegelaat.<sup>90</sup> Na aanleiding van die oorsaak van hulle dood, mag dit in hierdie geval gebeur het. Op 26-jarige ouderdom was Marié-Catherine en Jeanne Mouy beide weduwees. Hulle kinders, Gabriel en Daniel, is 'n paar maande later saam op 9 November gedoop.<sup>91</sup>

<sup>84</sup> J.L.M. Franken, Gideon le Grand, *Die Huisgenoot*, 20 September 1929, p. 21.

<sup>85</sup> Drakenstein Heemkring. NGK Drakenstein doopinskrywings 1694-1732. CD-ROM (Paarl) 2006. Doopregister, 12.08.1702. In die register word sy as Maria Magdalena aangedui, maar die naam Marie-Madeleine, nou moontlik sonder die aksent, het in die familie bly vassteek.

<sup>86</sup> Daar bestaan geen inskrywing van sy doopdatum nie.

<sup>87</sup> Drakenstein Heemkring, Doopinskrywings: 30.10.1706: Daniel. d' Vader Gabriel le Roux, en Maria le Febre de Moeder, getùygen Daniel Hugot, en Anna Retiff.

<sup>88</sup> 04.02.1710: "donné une medhedcrocus", 14.05.1710: "...visitées pres pr [pour] en fleure donnéhid ¼", 16.05.1710: "...donne une bouteille olj. succ. therab." [oleum succinitherebintinae] = gedistilleerde olie van die gomhars van die Mediterreense Terpentynboom (*Pistaciaterebinthus*) en later veral die Langnaalden (*Pinus palustris*). KAB. MOOC. 14/1 Bylae by boedelrekeninge, 1700-1722, in afsonderlike omslag, *Journal de l'anneé 1710*; J.L.M. Franken, Gideon le Grand (1929), pp. 17, 19, 21; E.H. Burrows, *A history of medicine in South Africa* (1958), p. 40.

<sup>89</sup> W.G. le Roux, *Om aan te prouw* (1988), p. 34.

<sup>90</sup> J.L.M. Franken, Die Begraafplaas op La Motte, *Die Huisgenoot*, 22 September 1939, p. 61.

<sup>91</sup> Drakenstein Heemkring, Doopinskrywings, 09.11.1711: Gabriel. soon van Maria Catherine, wede van Gabriel le Roux; getùygen Jaques Pinar, en Sùsanna dù [Pris]; Daniel, soon van Jeanne Mouij, weduwe

Volgens die inventaris van Gabriel se boedel wat deur sy weduwee opgegee is, het die Le Rouxs 'n karige bestaan gevoer. Daar is, behalwe die plaas, 36 beeste, twee perde, twee roers en 'n degen, slegs twee stoele, twee katels en 'n verebed, vier kussings, twee potte, vier skottels, 'n koper teeketel, een pan en een rooster, 'n konfoor en ses borde vir 'n huisgesin van vyf. Wat plaasimplemente betref, was daar pikke, 'n graaf en skepel, byle, vier ballasmandjies en twee ou sakke, 'n hamer en twee beitels. 'n Melkvaatjie en twee karrings het die aardse besittings afgerond. Daar was "party boeken", maar ook uitstaande skuld, waarvan f328.50<sup>92</sup> aan die Kompanjie.<sup>93</sup>

Dit was gevvolglik vir Marié-Catherine nodig om diakonale hulp aan te vra om haar gesin te versorg en teen 1719 het sy nog nie die skuld by die Kompanjie kon of wou delg nie. Sy word steeds as die weduwee van Gabriel aangedui. Hoekom dit so sou wees, is onverklaarbaar. Teen hierdie tyd was sy reeds sewe jaar met Jean Roi getroud en Jeanne Mouy was besig om haar skuld wel geleidelik af te betaal en daar word aangedui dat sy toe met Jacques Minnaar getroud was.<sup>94</sup>

### **Jean Roi, Lormarins en La Terra de Luc, Groot-Drakenstein**

Die weduwee Le Roux het op 11 September 1712 met Jean Roi (†1720) in die huwelik getree.<sup>95</sup> Hy was 'n vrygesel wat in 1688 saam met sy moeder, Jeanne Mille, en 'n broer, Jacques, op die *Berg China* in Tafelbaai aangekom het. Sy vader, André, is voor hulle vertrek of tydens die seereis oorlede.<sup>96</sup> Hulle was oorspronklik van die dorpie Lourmarin teen die suidelike hang van die Lubérongebergte in Provence.

van Jean Roùx de Blois; getúygen Daniel Hùgot, en Marie Roùsseau; KAB. VC. 49, Monsterrolle van de vrye luyden, 1711, p. 227: Jannetje Mouy wed Jan Roux van Blouys, Gabriel Roux wed Maria Cathalina le Febure (sic).

<sup>92</sup> KAB. C51. Requesten, 11.10.1719-12.01.1720, p. 270.

<sup>93</sup> KAB. MOOC. 8/2, p. 56 en p. 57 (30.11.1711). Jean se boedel was heelwat groter as dié van Gabriel, maar so ook sy skuld, sodat die finale bedrae omtrent dieselfde was. Jean het as boer duidelik meer kans as Gabriel gewaag. Die waarde van sy plaas is ook hoër as dié van Gabriel aangeslaan. Jean het twee slawe gehad, Gabriel had geen. Laasgenoemde moes ook met Jean se ploeg en eg gewerk het, want by hom word dit nie opgegee nie.

<sup>94</sup> KAB. C. 51 Requesten 11.10.1719-12.01.1720, p. 270; G.C. de Wet (red.), *Resolusies van die Politieke Raad V* (1964), 1716-1719, pp. 388-389: Gabriel le Roux is overleden, dogh desselfs wede. leeft en word van die diaconij onderhouden; Jan Roux is overleden, dogh desselfs wede. hertrouwt met Philip Menaer [Mesnard] en in staadjaarlijs iets af te doen.

<sup>95</sup> Hulle name verskyn reeds saam in 1712. KAB. VC. 49, Monsterrolle van de vrijeluijden, p. 251.

<sup>96</sup> J.G. le Roux, *Hugenotebloed in ons are* (1988), pp. 52-53. Le Roux sê dat hulle met die *Berg China* gearriveer het, maar hulle name kom nie op die beskikbare passasierslys van Coertzen voor nie. In 'n Opsommende lys van Hugenoete dui hy wel aan dat hulle met dié skip gearriveer het. P. Coertzen, *Die Hugenote van Suid-Afrika 1688-1988* (1988), pp. 80, 168. Mille se naam is in 1712 selfs vernederlands tot Jannetje Duisent. KAB. VC. 49, Monsterrolle Drakenstein, p. 251.

Die weduwee Mille (1633-1731) is in 1689 of voor April 1690 met Matthieu Amiel (†1719) getroud.<sup>97</sup> Amiel was van Le Luc, ook in Provence afkomstig en vestig hom op die plaas, La Terra de Luc, in Franschhoek nadat hy in 1688 aan boord die *Wapen van Alkmaar* gearriveer het.<sup>98</sup>

Ten spyte van verskeie plakkate wat daarteen uitgereik is, het Vryburgers tog met die Khoikhoi handel gedryf om hulle kuddes uit te brei. Amiel was ook hierby betrokke en het in 1695 aan Christophe Planque, 'n soldaat wat van die *Swarte Leeuw* gedros het, skuiling in sy kombuis gebied. Planque en 'n mede-droster, Jean Pieter (Pierre), was by die onwettige handel betrokke en die vryburgers was nie onwillig om mee te doen nie.<sup>99</sup> In 1697 is 'n Plakkaat teen dié handel ook in Frans gepubliseer, sodat niemand onkunde daarvan kon pleit nie en in 'n bylae word spesifiek na handel oor die Olifantspad verwys. Dit was die roete wat die Khoikhoi gekies het om na die Overberg uit te wyk toe Hugenote in die Franschhoek-vallei gevestig is.<sup>100</sup> Volgens Lughan het Amiel van die boere se vee wat hulle vir die Kompanjie se inspekteurs wou versteek, oor die berge na die oop ruimtes daaragter weggelei. Hiervoor is van die vee aan hom afgestaan. Of Amiel gevolglik al sy beeste in die opgaafrolle laat aanteken het, is onseker.<sup>101</sup>

<sup>97</sup> M. Boucher, *French speakers at the Cape* (1981), p. 195. Daar is twyfel oor die twee kinders wat in 1690 vir Amiel op die lys van betalings uit die armfonds aangegee word. J.L.M. Franken, Die Franse Vlugtelinge, *Die Huisgenoot*, 27 November 1925, p. 21; P. Coertzen, *Die Hugenote van Suid-Afrika 1688-1988* (1988), p. 84. Dit moes sy eie kinders gewees het, want Jacques en Jean Roi was reeds volwasse en het onafhanglike betalings ontvang. Dit beteken ook dat Amiel en Jeanne Mille toe reeds getroud was en dat Jacques Roi na 1690 oorlede is. Die Amiel-kinders is jonk en sonder nageslag dood. Fr[ançois] Amiel (Arniel) het wel tot na 1607 geleef toe hy, soos sy pa en stiefbroer, Jean Roi, die getuigskrif vir W.A. van der Stel onderteken het. J.L.M. Franken, Die Franse vlugtelinge. *Die Huisgenoot*, 9 Desember 1927, p. 39. Amiel was dus moontlik jonger as sy tweede vrou wat in 1633 gebore is. In die Drakensteinse opgaaf van 1717 word 'n seun steeds vir Amiel en Mille aangedui, maar net die volgende jaar word hy, as dit Amiel se eie seun was, nie in sy testament genoem nie. KAB. J. 184, Opgaafrol Drakenstein 1717, folio 4 & MOOC. 7/1/2, no. 117 Testament Amiel (10.08.1718).

<sup>98</sup> KA. CTD. 17/CDC 1/1/1/9, Title Deeds, Stellenbosch, Drakenstein and Swellendam districts, p. 77 (18.12.1713).

<sup>99</sup> Planque is vroeër deur Pierre Rousseau skuiling gebied. Na hy aangekeer is, het hy weer ontsnap en by Amiel geskuil. Beide is in 1696 vir hulp aan 'n oortreder voor die Raad gedaag. KAB. CJ. 3, Oorspronklike Regsrolle en Notule Krimineel en Siviels, p. 71 (12.01.1696, Amiel) & p. 74 verso (15.03.1696, Rousseau); M. Boucher, *French speakers at the Cape* (1981), pp. 300-301; G.C. de Wet, *Die Vryliede en Vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657-1707* (1981), pp. 217, 221.

<sup>100</sup> K.M. Jeffreys, *Kaapse Plakkaatboek* (1944), pp. 300-302 (19.10/05.11.1697); H.C. Bredekamp, Khoisan versus Hugenote, 1688-1713, *Kronos* 16, 1989, p. 24.

<sup>101</sup> B. Lughan, *Cesfrançais qui ont fait l'Afrique du Sud* (Country, 1996), p. 75. Hiervan is geen dokumentêre bewyse opgespoor nie en Amiel se verklaarde troppe was klein, behalwe as hy ook sy surplus oor die berg aangehou het. Tas skep die indruk dat boere nie al hulle besittings opgegee het nie en het sy buurman, Pieter van der Bijl, moontlik net die helfte in Januarie 1706 laat aanteken. L. Fouché (red.), *Dagboek van Adam Tas 1705-1706* (1970), p. 144 (07.01.1706).

Maurice Boucher soek en vind sterk familiale en vriendskapsbande tussen die Hugenote wat in die jare 80 en 90 van die 17<sup>de</sup> eeu na die Kaap geëmigreer het. Die vroeëre geskiedenis van Jean Roi in Drakenstein bied 'n goeie voorbeeld hiervan. Hy het eers in venootskap met Gideon Malherbe, Matieu Frachas en Jan (Jean) Roux geboer.<sup>102</sup> Roux en Frachas was ook van Lourmarin afkomstig. Malherbe, wat saam met die Le Rouxs op die *Voorschoten* die Kaap bereik het, is met Marie Grillon (1670-1735) getroud. Sy was na alle waarskynlikheid van Mer of omstreke<sup>103</sup> en kon dus Marié-Catherine se eerste man geken het. Daar was ook 'n moontlike familieverband tussen Mathieu Amiel en Frachas óf sy vrou, Jeanne Cordier. In sy testament laat Amiel<sup>100</sup>, Indiese waardasie, aan haar en Frachas se dogter, Suzanne na. Sy het toe in Amsterdam by haar neef, François Ree, gewoon nadat haar pa in 1710 uit die Kaap verban is.<sup>104</sup> Amiel, sy seun, François, en Jean Roi het in 1706 die getuigskrif vir Van der Stel geteken. Of hulle dit vrywillig of onder dwang gedoen het, is nie te bepaal nie, want in September 1706 was Roi moontlik een van die "sterke troupmanschap" wat uit Drakenstein na Stellenbosch agter die tamboer marsjeer het uit protes teen die afskaffing van die kermis en die skiet na die kleiduif, of papegaai.<sup>105</sup>

Jean Roi en Marié-Catherine het mekaar waarskynlik reeds voor Gabriel se dood geken. Hy en Gabriel word tussen 1702 en 1704 saam op die infanterierol vir Stellenbosch en Drakenstein aangegee, waarop ook die name van Matthieu en François Amiel voorkom.<sup>106</sup> In 1694 is 'n plaas in Drakenstein aan Jean Roi toegesê. Hy het dit Lormarins (Lourmarins, L'Ormarins) genoem.<sup>107</sup> Marié-Catherine was amper 26 jaar oud toe sy met Roi getroud is. Hoe oud hy was, is moeilik om te sê. Teen hierdie tyd was sy moeder reeds 79 jaar oud en kon hy nie veel jonger as in sy veertiger- of vyftigerjare gewees het nie.<sup>108</sup> Na die huwelik het Marié-Catherine en haar vyf kinders

<sup>102</sup> KAB. VC. 39, Monsterrolle van Vryburgers 1668-1700, vol. 1, 1690, p. 78. "Gideon Malherbe, Jean Roiij, Matien Frachat en Jan Roux, compagnons."

<sup>103</sup> M. Boucher, *French speakers at the Cape* (1981), p. 110; P. Coertzen, *Die Hugenote van Suid-Afrika 1688-1988* (1988), p. 161.

<sup>104</sup> KAB. MOOC. 7/1/2, no. 117 Testament Amiel (10.08.1718).

<sup>105</sup> J.L.M. Franken, *Die Hugenote aan die Kaap, Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* 41 (Kaapstad, 1978), pp. 93-94.

<sup>106</sup> KAB. 1/STB 13/21, Generale monsterrolle der infanterie van Stellenbosch onder kaptein Pieter van der Bijl 1702, ongenommer & ditto vir Stellenbosch en Drakenstein onder kaptein Barent Burger, 1704.

<sup>107</sup> KAB. CTC. 17 / CDC 1/1/1/9, Title Deeds, Stellenbosch, Drakenstein and Swellendam districts, pp. 81-82 (19.12.1714). In die akte word die naam "Lormarins" gespel. Tog het hy tot in 1695 ook as vrykneg diens gedoen? KAB. VC. 39, Vrijknegten die bij anderen gehuijsvest zyn, Drakenstein, p. 176 (Desember 1695).

<sup>108</sup> Die eenderse ouerdomme van sy *compagnons* kan ook aandui dat hy in 1712 omtrent vyftig jaar oud was: Roux (1665-1738), Frachas (\*1662) en Malherbe (1663-1713). Die datum van Jeanne Mille se geboorte is ook nie sonder twyfel bepaal nie. Coertzen gee dit wel as 1633 aan. P. Coertzen, *Die Hugenote van Suid-Afrika 1688-1988* (1988), p. 166. In haar testament word gestel dat sy omtrent 97

na Lormarins getrek. Die oudste was tien jaar oud en die jongste minder as 'n jaar. Tussen 1714 en 1720 het Marié-Catherine aan nog drie, of moontlik vier, kinders die lewe geskenk. Jean, gebore in 1714, is gevolg deur Andries in 1715 en Susanna wat in 1717 gedoop is.<sup>109</sup>

Volgens die rekords was Roi 'n flukse en vooruitstrewende boer. Waar hy in 1692 slegs 'n kalf, vier osse en 'n koei, 30 mud koring geoes en 4 000 wingerdstokke opgegee het, het hy in 1709 4 perde, vyftien beeste en 10 000 wingerdstokke, wat 5 leggers wyn oplewer, gehad. Van twee mud gesaaide koring het hy vyftien geoes.<sup>110</sup> Voor sy dood in 1720 toon sy opgaaf een slaaf, een perd, vyftien beeste en twee varke, agt mud koring gewen en 6 000 wingerdstokke. Dit is nie duidelik of hierdie opgaaf op La Terra de Luc alleen van toepassing is nie. Uit sy inventaris is dit verder duidelik dat hy Lormarins opgebou het. Dit word teen f2 000 gewaardeer, in vergelyking met Salomons Walley (sic) waarvan die waarde op f800 gestel word. Daar is ook "een ouw gebreklike slaaf" en die gewone plaasimplemente.<sup>111</sup>

Na die dood van sy stiefvader erf Roi La Terra de Luc op voorwaarde dat hy daar moes gaan boer en sy moeder tot haar dood sou versorg.<sup>112</sup> In 1719 trek die gesin na dié plaas met hulle vyf Le Roux- en drie Roi-kinders. Jean Roi was nou in beheer van drie plase en het met Philip Minnaar ooreengekom om na Salomonsvlei om te sien. Hy was die tweede man van Jean le Roux se weduwee, Jeanne Mouy, wat sedert hulle huwelik op Parys gevestig was.

---


jaar oud was. KAB. MOOC 7/1/4, no 96, Testament van Jeanne Mile (sic) weduwee van Matthijs Amiel (24.08.1728). Dit is op 21 April 1731 by die Weeskamer ingedien.

<sup>109</sup> Jean> 17.06.1714, Andries> 25.08.1715 en Susanna> 01.06.1717. GISA, *Suid-Afrikaanse geslagsregisters, IX, Ra-Ron* (Stellenbosch, 2003), p. 512. Nog 'n dogter, Jeanne (\*c1719/1720), word deur Le Roux genoem. W.G. le Roux, *Om aan te proux* (1988), p. 36. In Jeanne Mille se testament is slegs Jean, Andries en Susanna erfgename. KAB. MOOC. 7/1/4, no. 96 (24.08.1728). In die opgaafrol van 1720 word wel drie dogters vir die Roi's aangedui. Dit moet beteken dat Jeanne (?) as baba of minstens voor 1724 oorlede is. KAB. J. 184, OpgAAFrol Drakenstein 1720 en KAB. J. 187, OpgAAFrol Drakenstein 1724, folio 3.

<sup>110</sup> KAB. J. 183, Lijste van vrijluyden en derselver gedoente... 1692, ongenommer; W.G. le Roux, *Om aan te Proux* (1988), p. 36.

<sup>111</sup> KAB. MOOC. 8/3, no. 106, Inventaris van Jean Roij (15.10.1720).

<sup>112</sup> KAB. MOOC. 7/1/2, no. 17, Testament van Mathieu Amiel (10.08.1718). Hy laat ook f100 aan Jan Roij (sic), die oudste seun van Jean Roi en Marié-Catherine le Fèbre na. Die genoemde erfgename in die testament dui aan dat Amiel se eie kinders teen hierdie tyd oorlede is. Amiel laat ook f600 na aan die "chirurgyn", Marcus Isnaar (Isnard), wat sedert 1713 as kneeg by hom in diens was. J.L.M. Franken, Huisonderwys aan die Kaap (1652-1732), *Annale van die Universiteit van Stellenbosch*, XII, Reeks B, Julie (Kaapstad, 1934), p. 21. In die kontrak word hy 'n onder-chirurgyn genoem.



Figuur 3: Twee grafklippe op die huidige plaas L'Ormarins.<sup>113</sup> Sover vasgestel kon word, het geen artefak, wat direk met Marié-Catherine le Fèbre verband kan hê, die tyd oorleef nie. Op Lormarins is daar wel twee klippe wat eens as grafstene aangewend is. Hulle moes na 1929 daarheen geneem gewees het, want toe was hulle nog in die sogenaamde Hugenote-kerkhof op La Motte in grafheuweltjies ingemessel. Dié kerkhof is nie oorspronklik nie, maar is in die vroeë 20ste eeu deur ene F.J. Retief opgestel deur die graveerde klippe te gebruik wat in die nabye omgewing uitgeploeg is. Retief was 'n vriend van die destydse eienaar van La Motte, Hennie Pepler<sup>114</sup> en het ook 'n lys van die name en jaartalle gepubliseer.<sup>115</sup> Op die klip (links) lui die inskripsie "WoNLOR MARINS" en op die ander "GB 1677 J-N ROI 1779". Hieronder is 'n merk van die Vrymesselaars – volgens Franken. Franken het die lys en die inskripsies bestudeer en tot verskeie ander lesings daarvan as Retief geraak. Retief lees die eerste inskripsie hierbo as 'n naam, Won. L. Ormans; Franken dink dat die "WoN" die naam van 'n persoon kan wees wat op Roi se ou plaas gewoon het. Hy bevraagteken die inskripsie op die Roi-klip, omdat dit "nie reg kan wees nie" sou dit na geboorte- en sterfdatums verwys het.<sup>116</sup> Jean Roi is in 1720 oorlede en sy seun en naamgenoot voor 22 April 1651.<sup>117</sup> Hierdie twee klippe word deur beide Retief en Franken direk na mekaar genoem asof hulle op aanliggende "grafte" opgerig was en ook moontlik naby mekaar gevind is. Sou hulle van dieselfde oorspronklike graf kom, verdiep die raaisel verder en los nie die geheim van hierdie, nog onbekende, Roi op nie.

<sup>113</sup> Huidige spelling.

<sup>114</sup> J.E. Kruger, La Motte was nie Rhodes s'n, *Die Burger*, 10 Desember 1971, p. 14; P. Alberts, Hugenote nie hier begrawe nie, *Bylae tot Die Burger*, 22 Maart 1975, p. 4; G.A. von Wielligh, Die Hugenote-kerkhof op La-Motte, Franshoek, distrik Pêrel, *Die Huisgenoot*, 30 Januarie 1925, p. 9.

<sup>115</sup> Hugenote-Museum, Franschhoek, Lêer Hugenote-begraafplaas.

<sup>116</sup> J.L.M. Franken, Die begraafplase van die Hugenote, *Die Burger*, 7 September 1939, p. 29.

<sup>117</sup> KAB. MOOC. 8/7.15a, Inventaris van Jan Roij (22.04.1751).

In 1720 is Jean Roi oorlede en het Marié-Catherine die eienaar van Lormarins en Salomonsvlei geword (**Figuur 3**). Sy moes omsien na haar kinders en skoonmoeder wat diep in die tagtig was. Salomonsvlei was in goeie hande, maar haar oudste seun Pierre moes die boerdery op La Terra de Luc en Lormarins oorneem, hoewel hy slegs sestien jaar oud was. In 1723 word hy afsonderlik in die monsterrolle aangeteken en sy as die weduwee van Jan Roi.<sup>118</sup> Omdat nog nie uitvoering gegee is aan Amiel se testament nie, bly Jeanne Mille die eienaar van La Terra de Luc.<sup>119</sup> Marié-Catherine dui aan dat 'n bedrag van f700 "aan mijn vorige kinders," asook bedrae aan die Kompanjie, Jean le Roux en twee ander geskuld word. Sy teken beide verklarings met 'n kruisie. As alle besittings in die inventaris aangeteken is, het die vooruitgang op Lormarins nie tot die huishouding en Marié-Catherine se domein gestrek nie. Vir 'n huisgesin van twee ouers en agt kinders, waarvan die oudste en die jongste dogters was, is daar slegs twee katels, een bulsak en twee komberse. Daar was 'n tafel en twee stoele, drie "zeel verkoperskiste", wat as pak- en moontlik sitplek moes dien, slegs ses borde, agtien lepels en geen messe of vurke nie. Vier snapheue word aangegee<sup>120</sup>

Tog was die jare saam met Jean Roi waarskynlik die gemaklikste van haar lewe. Haar kinders was versorg en sy het vir die eerste keer skoonouers naby haar gehad. Hulle was duidelik simpatiek en sorgsaam oor hulle uitgebreide familie en tog kon die twee huishoudings afsonderlike lewens lei tot die dood van Amiel. Hoewel beide Amiel en Mille se testamente in Nederlands opgestel is, was die huistaal van die Roi's waarskynlik Frans, soos dié van hulle naaste bure op die plase Languedoc en Rhone, Normandie en Bellegam.<sup>121</sup> Die eerste kerkie van Drakenstein by Babylonstoren was nie ver van Lormarins nie en tot 1716 die plek waar die gemeente byeengekom het, ten spyte van die armoedigheid en bouvalligheid daarvan.<sup>122</sup> Nadat dit in daardie jaar erg deur reën beskadig is, is dienste in die "oude huijs" van die predikant gehou.<sup>123</sup> Hulle

<sup>118</sup> KAB. VC. 49, Monsterrolle van de vrye luyden, p. 496.

<sup>119</sup> J.G. le Roux & W.G. le Roux, *Ons Drakensteinse erfgrond Franschhoek* (Paarl, s.a.), p. 20.

<sup>120</sup> KAB. MOOC. 8/3, no. 106, Inventaris van Jean Roi (15.10.1720). By die oorgrote meerderheid van inskrywings word slegs een snapheue per aangetekende aangegee. Hierdie is nie 'n fout nie, want die aantal word gereeld by Roi in opgaafrolle aangeteken.

<sup>121</sup> Die ongetroude Pierre Jordaan (Jourdan) was die eienaar van Languedoc en Rhone van 1708-1727, Gedeon [Gideon] Malherbe en sy weduwee, Marie Grillion, het tussen 1694 en 1734 op Normandie gebroer, Pierre Joubert (Jaubert) en sy weduwee, Isabeau Richarde, was op Bellegam van 1700-1742. J.G. le Roux. & W.G. le Roux, *Ons Drakensteinse erfgrond Groot Drakenstein* (Paarl, s.a.), pp. 13, 19, 21.

<sup>122</sup> Valentyn skryf in 1705 dat dit "van buiten as van binnen, zeer slecht gestelt is, en beter een schuur, dan een kerk..." E.H. Raidt (red.), *François Valentyn Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoop met de zaaken daar toe behorende* (1972), p. 162.

<sup>123</sup> Waarskynlik 'n ou gebou op die grond wat in 1714 in die Paarl by Pieter Marseveen aangekoop is om 'n pastorie op te rig. Dit het as kerk diens gedoen tot die voltooiing van die nuwe kerk. J.A.S.

het om die beurt in Frans en Nederlands plaasgevind en van 1718 af het Franse dienste direk na die Nederlandse gevolg, maar later, na die dood van die Franse voorleser, Paul Roux in 1723, het dit moeilik geword om die Franse dienste voort te sit. Die beëindiging van Franse voorlesings het eers in 1726 die einde van dié taal in die Drakensteinse kerk beteken. Van 1717 af sou die Roi-familie die afstand na Klein Drakenstein moes aanpak om dienste by te woon, eers in die ou huis en van 1720 af in die nuwe kerk wat daar opgerig is.<sup>124</sup> Daar sou sy egter weer met haar suster en vroeëre bure kon verkeer.

### **Terug na Lormarins met Frans Haarhoff**

Marié-Catherine het op Lormarins agtergebleef en in 1723 word sy onafhanklik as die weduwee Jan Rooij aangedui.<sup>125</sup> Later in die jaar het Pierre le Roux 'n kneg op Lormarins aangestel om met die boerdery te help. Frans Haarhoff van Hamm in Duitsland het in 1719 as soldaat aan bord die *Mijnden* in Tafelbaai aangekom<sup>126</sup> en was van 1721 'n kneg by Paul Roux tot dié se dood in 1723.<sup>127</sup> Hy het sy vrybrief op 11 Januarie 1724 ontvang.<sup>128</sup>

Dié aanstelling van 'n kneg om Marié-Catherine op Lormarins by te staan, het tot haar derde huwelik geleid, maar dit het nie sonder ophef plaasgevind nie. Skriftelike toestemming vir haar huwelik met Haarhoff is reeds op 31<sup>e</sup> Julie 1723 deur die huwelikskommissaris gegee, maar na die afkondiging van die eerste gebod deur ds. Petrus van Aken (†1724) op 4 Augustus, het die sestienjarige Catharina Hofman in die kerk opgespring en beswaar aangeteken, omdat sy en Haarhoff verloofdes sou wees. In 'n brief van die sekretaris van huwelikskommissaris, Ryk Tulbagh (1699-1771) aan goewerneur Maurits Pasques de Chavonnes (1654-1724) en die Politieke Raad, word hierdie "los en ongeverifieert voorgeven" van Catharina Hofman verduidelik. Die huwelik is toegelaat om voort te gaan, maar ds. Van Aken is berispe omdat hy die geskil self wou besleg en dit nie na die Raad verwys het nie (**Figuur 4**).<sup>129</sup>

---

Oberholster, Die geskiedenis van die gemeente: 1795-1941, in *Kwartmillennium-gedenkboek van die Nederduits-Gereformeerde Gemeente, Paarl* (Paarl, 1941), pp. 29-31.

<sup>124</sup> J.A.S. Oberholster, Die geskiedenis van die gemeente: 1795-1941 (1941), pp. 25, 38-43.

<sup>125</sup> KAB. VC. 49, Monsterrolle 1723, p. 496. Jeanne Mille word op soortgelyke wyse opgeteken, p. 495.

<sup>126</sup> Die *Mijnden* was van 01.10.1719 tot 16.11.1719 in die baai. [http://www.vocsite.nl/schepenlijst\\_Mijden](http://www.vocsite.nl/schepenlijst_Mijden); G.C. de Wet (red.). 1964. *Resolusies van die Politieke Raad V, 1716-1719* (1964), p. 386 (07.11.1719). Hamm is in Wesfale (vandag in die provinsie Rynland-Wesfale) in Duitsland. Anoniem. Die vroeë geskiedenis van die familie Haarhoff in Suid-Afrika, *Familia*, XXIII (4) 1986, p. 74.

<sup>127</sup> G.C. de Wet (red.), *Resolusies van die Politieke Raad VI, 1720-1723* (1968), p. 342, nota 296. Paul Roux is op 7 Februarie oorlede.

<sup>128</sup> G.C. de Wet (red.), *Resolusies van die Politieke Raad VII* (1971), p. 8, nota 35 (11.01.1724).

<sup>129</sup> KAB. C. 67, Requesten 06.07.1723-08.09.1723, p. 302; G.C. de Wet (red.), *Resolusies van die Politieke Raad VI, 1720-1723* (1968), pp. 342-344 (24.08.1723). Haarhoff word 'n soldaat en Marié-Catherine 'n "landbouweresse" genoem.

Oor Frans Haarhoff is verder min bekend. Hy word slegs op een ander plek in die rekords genoem. Drie weke voordat hy 'n vryburger geword het, is hy deur die Politieke Raad gevra om 'n brief na Hendrik Muhl te neem om laasgenoemde te vra om na oorlewendes van die *Meteren* te soek. Volgens die inskrywing was Muhl se plaas die naaste aan die plek, noord van die monding van die Olifantsrivier, waar die skip op 7 November 1723 gestrand het.<sup>130</sup> Muhl het reeds in 1718 toestemming gekry om sy vee in die omgewing van Saldanhabaai te laat wei en later op die leningsplaas, Klipfontein, in die Piketberg.<sup>131</sup> Haarhoff word as boodskapper gekies omdat "... men alhier geen menschen aan de hand heeft die de wegen naar Hendrik Moelvoorsz. bekend zijn."<sup>132</sup> Muhl het op die tog gegaan wat volgens hom sewentien dae uit en huis geneem het, maar nie enige oorlewendes opgespoor nie.<sup>133</sup> Le Roux redeneer dat hy sy kennis van Muhl se plaas kon oppgedoen het deur vroeëre jag- of ruiltogte.<sup>134</sup> Hy was nou die eienaar van Lormarins<sup>135</sup> en volgens die inskrywing sou hy, soos Muhl, vir sy tyd en moeite beloon en betaal word. Die tog was gevvolglik finansiell voordeelig vir hom, Marié-Catherine, met wie hy 'n paar maande getroud was, en haar kinders.

---


<sup>130</sup> Die *Meteren* is in 1719 gebou en hierdie was haar nooiensvaart na die Ooste. Van die 29 manskappe aan boord is nege gered. <http://www.vocsite.nl/schepen/lijst.Meteren>.

<sup>131</sup> G.C. de Wet (red.), *Resolusies van die Politieke Raad VII* (1971), p. 21 (01.02.1724).

<sup>132</sup> Haarhoff word hier 'n "landbouwer, woonagtig aan Drakenstein" genoem. G.C. de Wet (red.), *Resolusies van die Politieke Raad VI, 1720-1723* (1968), p. 384 en notas 419, 410 (21.12.1723).

<sup>133</sup> Hiervoor vra hy dat die Politieke Raad sy leningsplaas in eiendom aan hom moet gee. G.C. de Wet (red.), *Resolusies van die Politieke Raad VII* (1971), pp. 20-21 (01.02.1724).

<sup>134</sup> W.G. le Roux, *Om aan te proux* (1988), p. 37.



**Figuur 4: Tweede Kerk van Drakenstein.** Marié-Catherine se huwelik met Frans Haarhoff sou in die nuwe of tweede kerk van Drakenstein plaasgevind het. Die bouwerk is in 1717 begin, maar die kerk is eers op 2 Junie 1720 ingewy. Dit is deur Christoffel Meerman ontwerp. Hy was 'n baastimmerman van Dordrecht in Nederland en het van 1712 tot 1720 aan die Kaap vertoef.<sup>136</sup> Jean Roi is moontlik ook uit hierdie kerk begrawe. (Bron: KAB. E. 2295)

Marié-Catherine het teruggetrek na Lormarins. Die negentienjarige Pierre le Roux het op La Terra de Luc gebly, saam met sy stiefouma wat die plaas op sy naam oorgedra het.<sup>137</sup> Waar hy in die opgaafrol van 1724 drie slawe en agtien beeste op sy naam gehad het, het hy die volgende jaar 'n slavin en slaweseun bygekry.

In 1824 het Frans Haarhoff sy kuddes aangevul. By die vendusie van Susanna Tallifer se besittings het hy ses osse, vier mud gars, 'n perd en "1 half aam wat gekookter wijn" gekoop en ses maande later nog 'n koei en kalf uit die boedel van Christoffel Esterhuijsen.<sup>138</sup> Sy beeste het tot 32 aangegroei en verder was daar twee varke, 8 000 wynstokke, wat vier leggers wyn gelewer het, en het hulle nege mud tarwe gewen.

<sup>135</sup> Vanaf 1724 tot 1727. J.G. le Roux & W.G. le Roux, *Ons Drakensteinse erfgrond Drakenstein* (Paarl, s.a.), p. 20.

<sup>136</sup> G.C. de Wet (red.), *Resolusies van die Politieke Raad V, 1716-1719* (1964), pp. 173, 208. Hy word "baas Meerman" genoem; W.A. de Klerk, *Kultuurontplooiing in die Drakenstein*, in J.A.S. Oberholster (red.), *Paarlvallei 1687-1987* (Pretoria, 1987), pp. 167-168.

<sup>137</sup> Eienaar van 1724 tot sy dood in 1767. J.G. le Roux & W.G. le Roux, *Ons Drakensteinse erfgrond Franschhoek* (s.a.), p. 18.

<sup>138</sup> KAB. MOOC. 10/3, no 53, Vendusierol Susanna Tallifer, 12 Mei 1724; MOOC. 10/3, no 58, Vendusierol Christiaan Esterhuisen, 3 November 1724. Susanna Taillifer was die ma van Pierre Cronje wat later met Marié-Catherinese dogter, Susanna Roi, getroud is.

Die Haarhoffs se besittings word in 1726 aangegee as twee slawe, een slavin, twee perde, vyftien beeste, twee varke, 8 000 wynstokke, twee leggers wyn en 'n oes van 20 mud tarwe en rog.<sup>139</sup> Verder word aangedui dat daar vyf seuns en een dogter was. Al die kinders is dus saam na Lormarins, behalwe Pierre en die oudste dogter, Marié-Madeleine le Roux, wat teen die einde van die vorige jaar met Joseph Jordaan getroud is. Hy het in diesselfde tyd die plaas, Cabrière van sy oorlede vader geërf.<sup>140</sup>

Teen 1728 was die Haarhoffs veel slechter daaraan toe. Kort voor die geboorte van Marié-Catherine se tweede Haarhoff-seun, word slegs nege beeste, een snaphaan en een degen vir Frans Haarhoff opgegee.<sup>141</sup> Lormarins is die vorige jaar, met die afhandeling van Jean Roi se boedel, aan Pierre Joubert verkoop en die Haarhoffs moes waarskynlik na La Terra de Luc terugtrek. Dit is ook moontlik dat hulle na Salomonsvlei teruggekeer het. Dié Le Roux-plaas is ook na Pierre le Roux uit Jean Roi se boedel oorgedra. Hy is in April 1727 met Françoise, die dogter van sy pa se ou vriend, Joshua Cellier, getroud en hulle het na die weduwee Mille omgesien tot haar dood. In 1728 word Pierre, afgesien van kleiner legate aan die Roi-kinders, haar “universele en algehele erfgenaam.”<sup>142</sup> Marié-Catherine se seuns, Daniel en Abraham, word slegs met snaphaan en Gabriel sonder enige besittings aangeteken. Die volgende jaar verkoop Pierre Salmonsvlei aan Philippe Minnaar wat vroeër daarna omgesien het. Die Haarhoffs sou 'n ander heenkome moes vind.

Van 1730 tot 1733 besit die Haarhoffs geen vee nie en word slegs wapens vir hulle aangeteken. In 1731 is twee seuns en 'n dogter in hulle sorg, nadat die jongste Roi-seun die ouderdom van sestien bereik en apart aangeteken is. Afgesien daarvan dat hulle moeilik onafhanklik 'n bestaan sou kon voer, was die dertigerjare ook 'n tydperk van persoonlike geluk en verlies vir Marié-Catherine en Frans Haarhoff. Haar laaste kind, Pieter, is op 5 Oktober 1732 in Drakenstein gedoop.<sup>143</sup> Marié-Catherine was toe amper 46 jaar oud. Die 22-jarige Andries Roi is egter voor 8 April 1738 oorlede. Hy was die jongste en laaste draer van die familienaam.<sup>144</sup> In sy inventaris wat deur

<sup>139</sup> KAB. J. 187, OpgAAFrol Drakenstein, 1724, 1725, folio 2.

<sup>140</sup> <http://www.stamouers.com/Jordaan>; K. le Roux, *Die Families Le Roux in Suid-Afrika* (1991), p. 75.

<sup>141</sup> KAB. J. 187 OpgAAFrol Drakenstein, 1728, folio 1.

<sup>142</sup> KAB. MOOC. 7/1/4, no. 96, Testament van Jeanne Mille (24.08.1728). Pierre het toe 'n seun, drie slawe, een slavin asook 'n slaweseun en -meisie, beide onder sestien jaar oud. Sy beeste het na sestien verminder en sy wingerdstokke het diesselfde gebly. KAB. J. 187, OpgAAFrol Drakenstein, 1728, folio 6.

<sup>143</sup> Drakenstein Heemkring. NGK Drakenstein doopinskrywings 1694-1732. CD-ROM (Paarl) 2006, Doopregister; Pieter; Frans Haarhof en Maria LaFebre; Pieter du Toit en Elisabeth Rusou[x].

<sup>144</sup> Daar was wel 'n familie Roi waarvan die eerste kind in 1779 gebore is. Haar pa was Adam Roi en haar ma Margaretha Elizabeth Bali van de Kaap. Heese beskryf hom as Rooy of Roi, 'n Baster-Khoi van Tulbagh. H.F. Heese, *Groep sonder grense* (Pretoria, 2005), p. 147; J.A. Heese, *Suid-Afrikaanse geslagsregisters IX, Ra-Ron* (2003), p. 512.

sy halfbroer, Pieter le Roux, onderteken is, bemaak hy sy karige besittings aan sy moeder, "getrouwet met Frans Harof en de andere minderjarige die bij de boekenloope." Afgesien van net die nodigste klerasie laat hy sy perd, twaalf skape asook snaphaan en degen na.<sup>145</sup> Ook Gabriel le Roux moes kort hierna gesterf het. Sy naam kom vir die laaste keer in 1739 in die opgaafrolle voor.<sup>146</sup>

Die geldelike en persoonlike probleme van die Haarhoffs het moontlik daartoe gelei dat die ongetrouwe seuns hulle eie heil moes uitwerk. Die meeste het na die skuiwende grense van die destydse nedersetting uitgewyk. In een of ander stadium het Marié-Catherine en haar jongste kinders, saam met Frans Haarhoff, hulle voorbeeld gevolg.

### **Die verre afgeleë distrik**

'n Roete na die Gouritsrivier het teen 1712 reeds deur jagters bekend geword.<sup>147</sup> In die tweede dekade van die 18<sup>de</sup> eeu het die skaarsste aan hout ook die Kaapse owerheid verplig om verder daarvoor langs die suidelike hang van die Langeberg te soek en teen 1727 was drie buiteposte langs die Sonderendrivier gestig, deels as basis vir houtkappery.<sup>148</sup>

Die moontlikheid om 'n bestaan uit akkerbou te maak was beperk en as gevolg van die afsetprobleem was veeboerdery as bykomstige bedryf reeds teen die einde van die 17<sup>de</sup> eeu gevestig. Vir baie jong mans was dit die enigste manier om op die been te kom en het hulle verder en verder van Kaapstad en Stellenbosch getrek. Die vestiging van 'n veplaas het veel minder kapitaal as 'n akkerbouplaas benodig en al wat 'n voornemende boer nodig gehad het, was 'n wa, trekosse, 'n klompie vee en 'n staning of leningsplaas by of naby 'n waterbron. Die eerste trekke het na die Land van Waveren plaasgevind, nadat Willem Adriaan van der Stel dit self in 1700 oopgestel en die ruilverbod met die Khoi opgehef het.<sup>149</sup> Teen 1703 is weiregte vir

<sup>145</sup> Afgesien van bogenoemde laat hy ook die volgende na: "een hoet, twe hemde, een beusiltie, een broek, een paar kouse, een paar schoen". KAB. MOOC. 8/6, no. 7, Testament van Andries Roij (08.04.1738). Afgesien van sy moeder is die ander erfgename die gedoopte en ingeskreve kinders.

<sup>146</sup> KAB. J. 193, Opgaafrrol Stellenbosch en Drakenstein, folio 10. Hy was toe 27 jaar oud en het slegs wapens en 'n perd besit. Le Roux duis sonder verwysings aan dat hy na 1737 ongetroud oorlede is. K. le Roux, *Die Families Le Roux in Suid-Afrika* (1991), p. 79.

<sup>147</sup> P.J. van der Merwe, *Trek. Studies oor die mobiliteit van die pioniersbevolking aan die Kaap* (Kaapstad, 1945), p. 27.

<sup>148</sup> A. Böeseken (red.), *Resolusies van die Politieke Raad IV, 1707-1715* (1968), p. 157 (11.03.1710); D. Sleigh, *Die Buiteposte* (Pretoria, 2004), p. 558.

<sup>149</sup> K.M. Jeffreys, *Kaapse Plakkaatboek* (1944), pp. 315-316 (17/28.02.1700).

tydperke van drie maande tot 'n jaar uitgereik en na Van der Stel se vertrek in 1707 is lisensies ook oor die Hottentots-Hollandberge toegestaan.<sup>150</sup>

In 1724 is weiregte reeds aan Roelof Ollofsz (Oelofse) by Grootvadersbosch oorkant die Buffeljachtsrivier toegestaan; later ook aan Andries Gous aan die Duivenhoksrivier.<sup>151</sup> In 1728 het Jacobus Coetser “aan de Riet valleij” langs die Buffeljachtsrivier en later verder noord langs dieselfde rivier leningsplase bekom.<sup>152</sup> Omtrent dieselfde tyd het Gerrit Oosthuisen aan Slangrivier, wes van die latere Heidelberg, weiregte verkry en Andries du Toit aan die “Kreterrivier”, noord van die teenswoordige Riversdale.<sup>153</sup> Teen 1729 het ook Andries de Jager, Gideon Joubert en Hendrik Gildenhuijsen vee naby Jonkersfontein, Melkhouteboschaan, en Hagelkraal, oor die Gouritsrivierlaat wei.<sup>154</sup> Gerrit Scheepers het sy plaas in 1730 Welgevonden genoem. Dit het by 'n drif in die Gouritsrivier gelê. In die volgende jaar het veeboere reeds die Groot-Brakrivier bereik.<sup>155</sup> Dié rivier sou in 1745 kortstondig as die oosgrens van die nedersetting bepaal word, na die stigting van 'n buitepos by Rietvallei in 1734 en later die landdrosdistrik en Drostdy van Swellendam.<sup>156</sup>

Dis onmoontlik om te bepaal wanneer Marié-Catherine en Frans Haarhoff oor die berg na die latere distrik van Swellendam getrek het. Hoewel dié verskuiwing hulle ver van die bekende Bolandse landskap geneem het, was die nuwe omgewing nie sonder familie, ou vriende en bekendes nie en sommiges was minder as 'n dagreis ver.

Haar jonger seuns het nie plaas geërf nie. Vir hulle was jag en veeboerdery 'n manier om 'n plaas en plaasgereedskap verder van die Kaap te bekom. Die ongetroude Daniel, wat later Heemraad van Swellendam geword het, se naam verskyn in 1752 in die opgaafrol van dié distrik en hy sterf 35 jaar later aan huis van sy halfsuster, Susanna Roi.<sup>157</sup> Abraham le Roux het in 1735 en 1736 op jagtote na die binneland vertrek. In

<sup>150</sup> P.J. van der Merwe, *Die Trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie 1657-1842* (Kaapstad, 1938), pp. 68, 133-134.

<sup>151</sup> KAB. RLR. 5, Oude Wildshutte Boek 1721-1724, p. 222 (26.08.1724); RLR. 9/3 Oude Wildshutte Boek 1730-1731, p. 530 (26.06.1732). Laasgenoemde was aan die Klein-Vetrvier, noordwes van die latere Riversdale.

<sup>152</sup> KAB. RLR. 7, Oude Wildschutte Boek, p. 50 (16.03.1728) en RLR. 8/2 Oude Wildshutte Boek, p. 197 (15.06.1729).

<sup>153</sup> KAB. RLR. 8/1, Oude Wildshutte Boek 1728-1730, p. 87 (18.02.1729) & RLR. 8/2, p. 265 (08.01.1730). Dit is die Korinterivier oor die Duivenhoks.

<sup>154</sup> KAB. RLR. 8/2, Oude Wildshutte Boek, pp. 225 (15.07.1729), 252 (21.10.1729) & 257 (05.11.1729).

<sup>155</sup> KAB. RLR. 8/2, pp. 269 (16.01.1730); RLR. 9/2, p. 460 (24.07.1731). Wolwedans van Burgert van Dijk, oor die Gourits.

<sup>156</sup> D. Sleigh, *Die Buiteposte* (2004), p. 574; P.J. van der Merwe, *Die Trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie 1657-1842* (1938), p. 137.

<sup>157</sup> KAB. J. 316, Opgaaafrol Swellendam c1752, folio 1. Die opgaaf is ongedateerd en die benaderde datum daarvan is deur G.C. de Wet bepaal, soos in die rolle aangedui; E. Worden & G. Groenewald, *Trials of Slavery Selected documents concerning slaves from the criminal records of the Council of Justice*

1737 was hy moontlik in geselskap van Jacob en Samuel Senecal wat buurkinders op hulle plaas Salmonsvlei was. Dit is verder moontlik dat sy halfbroer, Jean Roi, dieselfde tog meegemaak het.<sup>158</sup> In 1745 het Abraham die leningsplaas Klippedrift aan die Breederivier verkry. Die toestemming is periodiek tot 4 Maart 1767 verleng.<sup>159</sup> Jean Roi (1714-c1751) het later met sy tante, Martha le Fèbre se stiefkleindogter, Maria Elizabeth Pienaar, in die huwelik getree. Toe, in 1747, word hy as burger in de “vergelegen Districtin” aangedui.<sup>160</sup> Sy dogters, Johanna en Maria Susanna, is in 1768 onderskeidelik met die broers, Johannes en Andries Oelofse getroud. Hulle was kleinseuns van Roelof Oelofse wat in 1724 by Grootvadersbosch begin boer het. Beide die Roi-susters het in die omgewing van die Langkloof met hulle eggenotes gaan bly.<sup>161</sup>

Hoewel Marié-Catherine se suster, Martha, nie self oor die Rüens getrek het nie, het verskeie van haar kinders hulle daar gevestig. Haar dogter by Etienne Terblanche is in 1735 met Ignatius Ferreira getroud, wat in 1742 weiregte op die latere eiendomsplaas, Hartebeestekuil oor die Gourits verkry het.<sup>162</sup> Hulle dogter, Maria Magdalena Ferreira, is in 1751 met Marié-Catherine se seun, Frans Haarhoff, getroud en na sy en haar volgende man, George Fredrik Rautenbach, se dood het die plase, Melkhoutessenbosch<sup>163</sup> in die bog van die Gouritsrivier en Rietvallei nog aan die begin van die 19<sup>de</sup> eeu aan die weduwee Haarhoff-Rautenbach behoort.<sup>164</sup>

*at the Cape of Good Hope, 1705-1794* (Cape Town, 2005), p. 284; KAB. MOOC. 8/19, no 44, Inventaris van Daniel le Roux, 13.12.1787.

<sup>158</sup> Abraham op 06.12.1735-23.08.1736 & 13.12.1736-29.11.1737, Jacob Senecal 30.10.1736-29.11.1737 en Samuel Senecal 31.12.1736-29.10.1737, Jan Roy, 24.11.1736-14.12.1737. P.J. van der Merwe, *Trek* (1945), p. 34.

<sup>159</sup> KAB.RLR. 11/1, Oude Wildshutte Boek, pp. 117-118.

<sup>160</sup> Drakenstein Heemkring, 2006, CD-ROM. Personen in den Huwelyken Staat bevestigd door Predekant Salomon van Echten. [8 Octob. 1747] Jan Rooy van Cabo de Goede Hoop Burger in de vergelene Districtin; J.M. en Maria Elizabeth Pinar van Cabo...

<sup>161</sup> J.A. Heese, & GISA. *Suid-Afrikaanse Geslagsregisters VII, O-Ph* (Stellenbosch, 2002), pp. 40, 42; J.J. Swiegers, *Die geskiedenis van die Langkloof tot 1795* (MA-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1994), p. 236.

<sup>162</sup> KAB. RLR. 10/2, p. 234 (28.02.1742 & 28.03.1748). Ferreira was in 1735 en 1736 'n kneg op die plaas van sy vrou se stiefbroer, Jean Pienaar. KAB. CJ. 2885 Contracten 1735, no. 21, pp. 63-64.

<sup>163</sup> Dié verlate plaas van Jacob Joubert is op 8 Augustus 1757 as leningsplaas aan Haarhoff toegeken. Na sy dood en sy weduwee se huwelik met Rautenbach, het laasgenoemde daar gaan boer. KAB. RLR. 15/1, p. 65 (08.08.1757 & 27.04.1769).

<sup>164</sup> G.F. Rautenbach, *Die Rautenbach-familie, meer in besonder die nageslag van b8c2 Georg Frederik (Freek) Rautenbach (1798-1876)* (Sinoville, 1995), p. 1; O.J.O. Ferreira, *Stamvader Ignatius Ferreira en sy naverwante* (Pretoria, 1997), pp. 20-21; KAB. J. 317, Opgaafrol 1765, Swellendam; W. Blommaert & J.A. Wiid (reds.), *Die Joernaal van Dirk Gysbert van Reenen, 1803* (Kaapstad, 1937), p. 152, nota 169; Die plaas is in 1818 opgemeet en was toe in besit van Maria Magdalena Ferreira se seun, G.H. Rautenbach. Hy is in 1823 op die plaas oorlede. Landmeter-generaal Mosselbaai, Melkhoutessenbosch, plaas no. 100, B. 443/1818.

Martha se stiefseun, Pierre (Pieter) Pienaar, is in 1771 aan die Vetrivier, distrik Swellendam oorlede. Sý seun, Daniel, wat in 1766 die verlate leningsplaas, Niquasdrift aan die Gouritsrivier<sup>165</sup> oorgeneem het, is die vorige jaar met Johanna Isabella Marx getroud. Haar moeder was Dorothea Maria Becker, wat ook die moeder was van Sara Oosthuisen, wat met Martha se seun, Salomon, in die huwelik getree het. Hy het in 1733 Welgevonden digby die Gouritsrivier en in 1756 Buffelsrivier oor die Klein-Palmietrivier bekom.<sup>166</sup> Die plaas Bon Avontura “over de Gourits” is in 1659 aan hom toegesê.<sup>167</sup> Abel, nog ’n seun van Martha, is met Anna Scheepers, ook ’n vrou uit die distrik Swellendam getroud. Haar en Sara Oosthuisen se families het toe reeds lank in die distrik gebly.<sup>168</sup> Drie jaar voor sy dood het Jean (Jan) Pienaar met sy vee op die plaas Buffelsrivier, oor die Gouritsrivier gaan staan. Die toestemming is tot 1769 in die naam van sy weduwee verleng.<sup>169</sup> Hy was Martha se tweede jongste Pienaar seun.

Van die nageslagte van Marié-Catherine se tante, Barbre le Fèbre, het ook in die Mosselbaaise geweste gewoon. Haar pleegdogter, Suzanne Costeaux, is c1693 met Gerrit Hendrik Meyer getroud. Hulle seun, Esaias Engelbert Meyer (1699-1767), is in 1733 met Maria de Bruyn in die huwelik bevestig. Sy was ’n kleindogter van Nicolaas Cleef en Barbre le Fèvre en was voorheen met Stephanus Stevense getroud. Haar dogter, Petronella Stevens, is op haar beurt met Pieter Terblanche getroud. Pieter was die jongste seun van Marié-Catherine se suster, Martha, wat in 1713 na die dood van Jacques Pienaar met Etienne Terblanche in die huwelik bevestig is.<sup>170</sup>

Jean (Jan) le Roux, die seun van Jean le Roux en Marie Mouy, was een van die vroegste trekkers oor die Gouritsrivier en was reeds in 1731 op Hagelkraal, al word sy besittings in 1733 slegs as een perd, snaphaan en degen aangedui.<sup>171</sup> Hy het

<sup>165</sup> KAB. RLR. 19/2, p. 198 (15.08.1766). Goewerneur Van Plettenberg het in 1778 osse op sy plaas geruil net voor hulle deur die Gouritsrivier op pad na die Kaap is. G.M. Theal, *Belangrike Historische dokumenten* (Kaapstad, 1896), vol. 1, p. 35. Landmeter-generaal, Mosselbaai, Outeniquasdrift, plaas 197.

<sup>166</sup> KAB. RLR. 42, Oude Wildshutte Boek, p. 110. (1733 & 1756); Landmeter-generaal, Riversdale, plaas 336.

<sup>167</sup> KAB. RLR. 15/2, Oude Wildshutte Boek, p. 208 (13.06.1759). Landmeter-generaal, Riversdale, plaas 234.

<sup>168</sup> J.A. Heese & GISA, *South African genealogies VIII, Pi-Q* (Stellenbosch, 2002), pp. 6, 67-68.

<sup>169</sup> KAB. RLR. 16/1, Oude Wildshutte Boek, p. 132 (08.02.1660).

<sup>170</sup> P.S. Terblanche, *Terblanche-land, Stamvader Etienne Terblanche, sy nasate en hulle grondbesit 1701-1880* (Mosselbaai [?], 2006), pp. 11, 38. Petronella Terblanche was ’n gevierrede gasvrou op Rheeboekfontein. De Mist en Heinrich Lichtenstein was beïndruk met die groot verskeidenheid disse wat sy in 1803 vir hulle voorgesit het toe sy reeds ’n weduwee was. G.M. Theal, *Belangrike Historische dokumenten over Zuid Afrika* (Kaapstad, 1911), vol. III, p. 152; H. Lichtenstein, *Travels in South Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806* (Cape Town, 1928), pp. 225-226.

<sup>171</sup> KAB. RLR. 9/1, Oude Wildshutte Boek, p. 210 (07.01.1731). Hy word as Jan Le Roux de oude aangegee. In die Opgaafrol word hy Jan se seun (Jansz) genoem. KAB. J. 189, Opgaafrol Drakenstein 1733, p. 1.

blykbaar steeds 'n bestaan uit jag gemaak en is eers in 1748 op 39-jarige ouderdom met Geertruy van Deventer getroud.<sup>172</sup>

### Die Haarhoffs in die distrik Swellendam

Volgens die 1733 opgaafrol vir Drakenstein moes Frans Haarhoff toe moontlik weer 'n bestaan uit jag probeer maak het. Sy en Marié-Catherine se enigste besittings was 'n snaphaan en 'n degen. Drie seuns en een dogter word aangeteken. Dit was die drie Haarhoff-seuns. Frans was toe agt jaar oud, Nicolaas was vyf en Pieter is die vorige jaar gedoop. Die dogter was die sestienjarige Susanna Roi. Dit beteken dat al die Le Roux-kinders en die Roi-seuns reeds uit die huis was. Abraham en Gabriel le Roux was die eienaars elk van 'n perd, snaphaan en degen, soos hulle halfbroer, Jan Roi. Daniel le Roux en Andries Roi was slegter daaraan toe en het nie hulle eie perde gehad nie. Hoewel hulle name apart van die Haarhoffs opgegee is, is daar geen aanduiding van waar hulle hulle bevind het nie. Haar twee oudste kinders wat in Drakenstein bly boer het, was materieël beter daaraan toe. Pierre le Roux en Francina Cellier het twee seuns en 'n dogter, vyftig beeste en 200 skape gehad. Om een of ander rede word in daardie jaar geen wingerdstokke aangedui nie. Maria Magdalena (sic) en haar man, Joseph Jordaan, het 'n suksesvolle wynplaas opgebou. Daar was ses perde, twaalf beeste, sestig skape en vier varke asook 20 000 wingerdstokke wat vier leggers wyn opgelewer het. Hulle was teen dié tyd die ouers van twee kinders.<sup>173</sup> Uit die inskrywings wat direk na hulle volg, wil dit voorkom of Andries Roi by Pieter le Roux gewoon en/of gewerk het, terwyl Jean Roi en Gabriel le Roux by Joseph Jordaan en Marié-Madeleine le Roux 'n heenkomme gevind het nadat Abraham vroeër dieselfde gedoen het.<sup>174</sup>

Van die begin van die jare dertig af kan die doen en late van Marié-Catherine en haar uitgebreide familie feitlik net in die opgaafrolle van Drakenstein en Swellendam nageloop word. Hieruit kan vooruitgang en terugslag afgelei word, maar waar hulle hulle oor die volgende 50 jaar bevind het, is minder duidelik.

Nadat Frans Haarhoff sy besittings in 1733 as snaphaan en degen opgegee het, besit hy in 1735, afgesien van die wapens, ses beeste en 60 skape. Die volgende jaar

<sup>172</sup> K. le Roux, *Die Families Le Roux in Suid-Afrika* (1991), p. 56.

<sup>173</sup> KAB. J. 189, Opgaafrrol Drakenstein 1733, pp. 1, 4, 6, 7, 8 & 24.

<sup>174</sup> Andries Roi is van 1733 af en steeds in 1737 direk na Pieter le Roux en Francina Cilliers ingeskryf. Hy is in 1738 oorlede. Gabriel in 1730 en 1733 en Jan Roi in 1733 is direk na Joseph Jordaan en M-M le Roux aangeteken. KAB. VC. 50, Monsterrollenvrijelieden 1726-1733, 1730, p. 27 & 1733, p. 29. Vir Abraham, kyk 1729, p. 32; Gabriel se naam kom vir die laaste keer in die opgaafrol van 1739 voor. KAB. J. 193, Opgaafrrol Stellenbosch en Drakenstein, folio 10.

het die skape tot 90 aangegroei en het hy twee perde bygekry. Hierdie besittings groei teen 1740 aan tot 20 beeste en 100 skape. In 1741 word slegs een seun by hom en Marié-Catherine ingeskryf, hoewel beide Nicolaas en Pieter nog jonger as vyftien was. Die jonger Frans Haarhoff word in 1742 apart van sy ouers ingeskryf en twee seuns word weer vir hulle aangedui. Susanna Roi is die vorige jaar met Pierre Cronjé getroud. Hulle het hulle later op die plaas Vergenoeg aan die Vetrivier gevestig.<sup>175</sup> Marié-Catherine se tweede oudste seun, Abraham le Roux, is vier maande na Susanna Roi met Petronella van Marseveen getroud. Ook met hom het dit meteen beter gegaan. In 1742 het hy vier perde, 24 beeste en 100 skape. Waar hy dié vee aangehou het en of hy steeds 'n gedeeltelike inkomste uit jag gemaak het, is onseker. Klippedrift, 'n leningsplaas aan die Breërivier, is eers in 1745 op sy naam geregistreer. Vyf jaar later het sy besittings drie perde, twintig beeste en 200 skape ingesluit. In 1767 het hy kennis gegee dat hy Klippedrift gaan verlaat.<sup>176</sup> Op 24 April 1768 is Goedemoed aan die mond van die Klaas (-Voogds) rivier aan hom toegeken en 'n dag later ook die plaas Uitnood by die samevloeiing van die Keisers- en Breërivier.<sup>177</sup>

Jan Roi se vooruitgang volg dieselfde pad as dié van sy halfbroer. In 1739 het hy steeds slegs een perd en wapens op sy naam gehad, maar die volgende jaar spog hy met 28 beeste en 100 skape. Hy is eers in 1747 op 34-jarige ouderdom met Maria Elizabeth Pienaar getroud. Toe hy vier jaar later oorlede is, het hy op die plaas Korinterivier, oorkant die Duivenhoksrivier, gewoon.<sup>178</sup>

In 1742 verdwyn die name van Marié-Catherine le Fèbre en Frans Haarhoff uit die opgaafrolle van Drakenstein. Hulle moes in dié tyd na die distrik Swellendam verhuis het, want in 1743 is die leningsplaas, Rietfontein oor die Goutourivier, aan hom toegestaan<sup>179</sup> en in 1752, wanneer hulle name weer 'n verskyning maak, hierdie keer in die opgaafrol van Swellendam, word een slaaf, een slavin, twaalf perde, 80 beeste en 500 skape aangeteken. Een seun is steeds by hulle aan huis, terwyl Frans junior en Nicolaas apart met hulle besittings ingeskryf is.<sup>180</sup>

<sup>175</sup> Drakenstein Heemkring, Paarl Huwelike 1717-1839, p. 38 (19.05.1741); KAB. MOOC. 8/19, no 44, Inventaris van Daniel le Roux, 13 Desember 1787.

<sup>176</sup> KAB. RLR. 11/1, pp. 117, 118 (04.08.1745 & 25.04.1768)

<sup>177</sup> KAB. RLR. 20/12, pp. 59, 60-62 (24.04.1768); KAB. RLR 20/1, p. 59 (25.04.1768). Uitnood was vroeër vir 'n kort tydperk die leningsplaas van Dirk Marx wat met Marié-Catherinese suster, Martha, getroud was. Toegeken op 14.01.1740. F.W. Marx, *Byvoegsel tot stamvader Dirk Marx en sy nageslag* (Jeffreysbaai, 1998), p. 12.

<sup>178</sup> Drakenstein Heemkring, Paarl Huwelike 1717-1839, p. 56 (08.10.1747); KAB. MOOC. 8/7, no 15a, Inventaris van Jan Roiij, 22 April 1751. Maria Elizabeth Pienaar het die volgende jaar met Marthinus van Staden in die huwelik getree. GISA, *South African Genealogies XII, So-Sz* (Stellenbosch, 2005), p. 101.

<sup>179</sup> "Rietfontein over de Cafferkuils rivier" [nou Goukourivier]. KAB. RLR. 10/2, Oude Wildshutte Boek, pp. 337-338 (27.09.1743).

<sup>180</sup> KAB. J. 316, Opgaafrrol Swellendam c1752, folio 2.

Hoewel dit in die vyftigerjare finansieel voorspoedig met die Haarhoffs gegaan het, het Marié-Catherinein dié dekade nog drie kinders verloor. Jean Roi is vroeg in 1751 en Frans Haarhoff in 1758 oorlede. Die een seun wat in 1752 by die ouer Haarhoff aangeteken is, en Pieter moes wees, verdwyn hierna uit die rekords.<sup>181</sup> In 1657 is die opstal van Rietfontein, met die permissie van die goewerneur, aan sy mede-landbouer Daniel Saayman verkoop.<sup>182</sup>

Kort voor sy dood was Frans Haarhoff junior, sy vader en broer drie van die 98 ondertekenaars van 'n versoekskrif aan die Goewerneur en Raad om 'n afsonderlike gemeente vir Swellendam te stig. Hulle verduidelik dat hulle die dienste van 'n leraar en ook 'n kerk benodig, daar die kerke in Roodezand en Drakenstein "bijna veertien dagreijzens hier afgelegen zijn" en dat hulle in die reëntyd dikwels onverrigter sake na hulle plase moet terugkeer omdat vol riviere hulle van doopplegtighede terughou en kinders, sonder om gedoop te word, ook sterf.<sup>183</sup> Dit sou presies 40 jaar duur om aan hierdie versoek te voldoen. Die Swellendam-gemeente is in 1798 gestig, toe die meeste van die petisionarisse reeds dood was.<sup>184</sup>

Tien jaar na die opname van 1752 is die ouer Haarhoffs weer sonder enige besittings. Frans Haarhoff moes toe minstens in sy middel-sestigerjare gewees het en Marié-Catherine was 76. Dit kom voor of hy hom weer tot die jag gewend het, maar 'n meer aanvaarbare moontlikheid is dat die ouers eers by Frans ingewoon het en later, na sy dood in 1758, by Nicolaas. Laasgenoemde is in 1759 met Susanna Joubert getroud en sy opgawe toon dat hy deeglik as boer gevestig was. Die ouer Haarhoffs word direk voor Nicolaas in die opgaafrol van 1762 en 1765 ingeskryf. Dié moontlikheid word versterk deur 'n foutiewe inskrywing in 1765. Hier word Marié-Catherine as Susanna Lefebre aangegee en is haar naam met dié van haar skoondogter, waar sy moontlik gewoon het, verwarr.<sup>185</sup> Frans Haarhoff senior het as aardse besittings 'n snaphaan, pistool en degen.

Hulle het ook by ander kinders tuisgegaan of op pad na en van die Kaap by hulle oorgebly. In 1669 is Frans Haarhoff aan huis van Abraham le Roux, die tweede oudste

<sup>181</sup> KAB. MOOC. 8/7, no 15a, Inventaris van Jan Roiij, 22 April 1751; MOOC. 8/8, no's 48a en 48b, Inventaris van Frans Haarhoff de jonge, 9 Oktober 1858.

<sup>182</sup> KAB. RLR. 10/2, Oude Wildshutte Boek, p.337 (06.04.1757). Rekognisiegelde was toe vir agt jaar en een maand agterstallig.

<sup>183</sup> KAB. C. 136 Resolusies van die Politieke Raad, pp. 109-124 (21.03.1758); A. Dreyer, Die ou kerk van Swellendam, *Die Huisgenoot*, 2 Julie 1926, pp. 21-22.

<sup>184</sup> A. Dreyer, *Eeuwfeest-album van de Nederduits Gereformeerde-kerk in Zuid-Afrika* (Kaapstad, 1924), p. 57.

<sup>185</sup> KAB. J. 317, Opgaafrol Swellendam 1762, folio 7 en Opgaafrol Swellendam 1765, folios 10 en 11 (of 14). Die ouer Haarhoff is die laaste inskrywings op folio 10; die jongeres is die eerste inskrywing op wat na folio 11 lyk, maar as 14 ingebind is.

seun van Marié-Catherine, oorlede. Hoewel sy naam as Claas Heroff<sup>186</sup> d'oude, saam met ander sterftes uit Swellendam, op 19 November in die sterfregister aangeteken is, word duidelik gestel dat hy by Claasvoogts gesterf het. Abraham het Goedemoed, waar die Klaasvoogdsrivier in die Breërivier uitmond, net die vorige jaar in besit geneem.

Die volgende beskikbare opgaaf is ongedateerd, maar moes in 1772 plaasgevind het.<sup>187</sup> Vir “Maria Catharina La Febre, weduwee Frans Haarhof”, word nikus opgegee nie. Nicolaas het agteruit geboer en afgesien van sewe kinders het hy toe slegs oor twee perde en 32 beeste beskik. Vir die volgende veertien jaar is die lewe van Marié-Catherine nie gedokumenteer nie. Op 6 September 1686 word in die sterfregister eenvoudig ingeskryf dat die weduwee Haarhoff oorlede is. Haar naam word nie genoem nie.<sup>188</sup>

### Een lewe

Marié-Catherine le Fèbre (1686-1782) was een van die eerste kinders van Franse ouers wat aan die Kaap gebore is en die eerste dopeling in die jong Stellenboschse “kolonie”. Hoewel sy 'n gebrekkige skoling gehad het, was haar jeug waarskynlik gemaklik en sorgvry en haar ouers vooruitstrewend soos hulle onmiddellike bure. As gevolg van haar familie se lang verbintenis met Nederland en die feit dat sy in Stellenbosch groot geword het, was sy haar huistaal en Nederlands magtig.

Op die ouderdom van veertien is sy vir die eerste keer getroud. Gabriel le Roux was 'n Hugenoot wat eers in vennootskap met sy kleinneef, Jean, in die hedendaagse Paarl geboer het, maar kort voor sy huwelik sy boerdery afsonderlik aangepak het. Die Le Rouxs was, na aanleiding van bestaande dokumente, nie welaf nie, maar in vergelyking met hulle bure ook nie brandarm nie. Haar ouer suster en ander Franse het op aanliggende plase gewoon. Volgens oorlewering het die Le Rouxs se huis uit twee vertrekke bestaan. Daar het sy aan vyf kinders geboorte geskenk, die laaste een nadat haar man oorlede is.

<sup>186</sup> Reeds met die inskrywing van die dood van Frans Haarhoff die jongere in 1758 is die tweede “h” geëlideer. Sy van word as Haaroff aangegee. KAB. MOOC. 6/1, Sterfregister vol. 1, 1758-1775, pp. 3, 66.

<sup>187</sup> Hierdie datum is bepaal na aanleiding van die geboortejare van kinders van ander aangetekendes. Die opgaaf moes na Maart 1772, maar voor die einde van dié jaar gemaak gewees het. Johannes Oelofse en Johanna Rooij word met een seun en een dogter aangedui. Roelof Oelofse is na sy suster op 1 Maart 1772 gedoop. Vir Petrus Johannes Marx en Martha Maria Haarhoff word een dogter aangedui. Sy is in 1772 gebore. J.A. Heese & GISA, *Suid-Afrikaanse geslagsregisters, VII, O-Ph* (2002), p. 41; F.W. Marx, *Byvoegsel tot stamvader Dirk Marx en sy nageslag* (1998), p. 97.

<sup>188</sup> KAB. MOOC. 6/1, Sterfregister vol. 2, 1776-1788, p. 202.

In 1712 is sy 'n tweede keer getroud, en weer eens met 'n Hugenoot, Jean Roi. Hulle het hulle naby Franschhoek gevestig en sy het 'n sorgsame skoonfamilie bygekry. Die meeste van haar bure was van Hugenote-afkoms en kerkdienste in die nabijgeleë Drakensteinse kerk by Babylons Toren is ook nog in Frans gelewer. Nog drie kinders is gedoop. Hulle huistaal het waarskynlik Frans gebly. Haar tweede man was 'n goeie boer, maar dit lyk nie asof sy in haar daaglikske huishouding gemakliker as voorheen geleef het nie. Hy het haar in 1720 ontval.

In 1723 is sy met Frans Haarhoff getroud. Sy was 37 jaar oud, sou nog drie kinders baar en amper 'n verdere 60 jaar lewe. Die eerste derde daarvan het waarskynlik in Drakenstein afgespeel. Volgens dokumentêre gegewens was dit 'n wisselvallige bestaan en het die Haaroffs teen 1733 nie hulle eie grond besit nie. Tien jaar later maak hulle weer hulle verskyning in die nuwe distrik van Swellendam waar hulle 'n leningsplaas bekom het. In hierdie jare het verskeie van haar kinders en ook Frans Haarhoff tot sterwe gekom en dit wil voorkom of sy teen die einde van haar lewe by een van haar seuns ingewoon het. Volgens 'n ongedokumenteerde bron is sy by die mond van die Gouritsrivier oorlede. Waar sy begrawe is, is onbekend.

Dít is haar gedokumenteerde lewe.

Deur vergelyking en analogie met die lewens van haar tydgenote sou dit moontlik wees om haar verblyf in Stellenbosch, Drakenstein en die distrik Swellendam verder in te kleur of te verbeel. Dit sou ook moontlik wees om haar in die vroegste jare van Stellenbosch se ontwikkeling te plaas en om 'n lewe vir haar op die pioniersplase van die Hugenote skep. Dit sou nie moeilik wees om haar en haar familie se reise en oorstane by bekende uitspannings tussen Drakenstein en die afgeleë nuwe distrik voor te stel nie. Sy sou langs die pad by verskeie kinders en kennisse kon uitspan; sy sou tevrede moes wees om in 'n ossewa te bly totdat Frans Haarhoff vir hulle 'nhuis op Rietfontein gebou het; sy sou waarskynlik by sekere boerderybedrywighede betrokke gewees het, soos die maak van botter en die insameling van alwynsap.

'n Mens sou ook kon spekuleer oor vooruitgang en terugslag in haar lewe, hoe dit oor en oor tussen geborgenheid en onsekerheid wipplank gery het. Dít is egter die veld van die historiese roman of die belese en verbeeldingryke leser en sodanige poging sal afbreuk doen aan haar eie onafhanklike bestaan oor amper 'n eeu van die vroeë Europese besetting van die Kaap en die rasse gebiedsuitbreiding na die binneland.